shall on behalf of the Council and subject to the approval of the manager and subject to these regulations, grant to such applicant a certificate: Provided that when the applicant is a person under the age of 21 years, the certificate shall not be issued to him unless and until the written consent thereto of his parents or guardian be produced.

(4) A certificate shall—

(a) entitle the person to whom it is issued to the exclusive use and occupation, together with his family, but subject to these regulations, of the dwelling described therein and the site on which such dwelling is situate, for a period at the discretion of the Council but not exceeding thirty years from the date of issue thereof: Provided that where the applicant for a certificate—

(i) is not lawfully employed or carrying on some lawful trade or occupation in the urban area, and has not for five years immediately prior to the date of application been so employed in the urban area or carried on such trade or occupation or received training or instruction in some lawful trade or occupation in the urban area; or

(ii) is a pensioner or, an account of old age, illness or other disability retired from some lawful employment, trade or occupation which he followed continuously in the urban area for at least five years immediately prior to his retirement or resignation, such occupation shall be on a monthly basis.

(b) describe the particular dwelling and site on which such dwelling is situate;

(c) specify the person to whom it is granted.

(5) Enige applikant aan wie 'n sertifikaat ingevolge die bepalings van subregulasie (3) uitgereik is, en wat nie die koopprys van die reg om te bewoon ten volle betaal het nie, word geag 'n lening van die Raad toegestaan te wees ten opsigte van die onbetaalde balans van die koopprys, onderworpe aan die voorwaardes vervat in regulasie 14.

(6) Alle gelde of ander vorderings wat verskuldig is ten opsigte van enige woning waarvan die reg om dit bewoon ingevolge die bepalings van hierdie regulasies verkoop is, is maandeliks vooruitbetaalbaar met ingang van die datum van uitreiking van die sertifikaat.

Oordrag van gebou op perseel.

9. (1) 'n Houer van 'n perseelpermit of 'n sertifikaat kan, onderworpe aan die bepalings van hierdie regulasies, sy geboue, bouwerke en verbeterings op enige perseel verkoop of op 'n ander wyse daarvan afstand doen, en aansoek doen om die oordrag van sy perseelpermit of sertifikaat aan die koper of ander persoon aan wie die eiendom oorgemaak is (hierna die ontvanger genoem) en die superintendent moet sodanige oordrag toestaan indien hy daarvan oortuig is dat—

- (a) die ontvanger *mutatis mutandis* voldoen aan die bepalings van subregulasie (2) van regulasie 6 of subregulasie (3) van regulasie 8, na gelang van die geval; en
- (b) die transportgewer alle gelde, huurgelde en ander vorderings wat kragtens hierdie regulasies deur hom verskuldig is betaal het, en indien hy 'n lening ingevolge die bepalings van regulasie 14 verkry het of geag word aldus 'n lening te verkry het, dat hy die genoemde lening ten volle afbetaal het tesame met rente wat daarop verskuldig is: Met dien verstande dat die superintendent aan die bepalings van hierdie regulasies onderworpe, die ontvanger kan toelaat om die lening van die permit- of sertifikaathouer oor te neem; en
- (c) die permit of sertifikaat oorhandig is; en
- (d) die geboue, bouwerke en verbeterings op die perseel aan die vereistes van hierdie regulasies voldoen; en
- (e) die transportgewer en die ontvanger 'n oordragvorm wat deur die superintendent vir hierdie doel verskaf is, voltooi het; en
- (f) die gelde vasgestel in regulasie 46 betaal is.

(2) Wanneer 'n oordrag geskied, moet die superintendent die perseelpermit of sertifikaat van die transportgewer kanselleer en 'n ander perseelpermit of sertifikaat aan die ontvanger uitreik, na gelang van die geval: Met dien verstande dat die perseelpermit wat uitgereik is, of die sertifikaat wat aan die ontvanger gegee word slegs geldig is vir die onverstreke deel van die geldigheidsduur van die wat aan die transportgewer uitgereik is: Voorts met dien verstande dat indien 'n perseelpermit of 'n sertifikaat aan 'n minderjarige persoon uitgereik of gegee word, dit na goeddunke van die superintendent op naam van die minderjarige se voog uitgereik kan word om deur dié vir sodanige minderjarige tydens sy tydperk van minderjarigheid in trust bewaar te word.

(3) Alle huurgelde of ander vorderings wat ontstaan ten opsigte van enige perseel of woning wat ingevolge die bepalings van hierdie regulasie oorgedra word is maandeliks vooruitbetaalbaar met ingang van die datum van uitreiking.

Huur, onderverhuur en oorplasing van wonings.

10. Behoudens die bepalings van regulasie 9 mag geen perseel, woning of gedeelte daarvan in enige perseel- of woonpermit of sertifikaat vermeld, sonder die skriftelike toestemming van die superintendent verhuur, onderverhuur of oorgeplaas word nie.

Oormaking.

11. Behoudens die bepalings van regulasies 9 en 10 mag die houer van 'n woon- of perseelpermit of sertifikaat nie sy permit of sertifikaat of reg of belang in en op sy perseel aan enige ander persoon behalwe die Raad verkoop, afstaan, oorplaas, bemaak, vervreem, verpand, verbind of op enige ander wyse beswaar nie, behalwe ingevolge die bepalings van hierdie regulasies en met die skriftelike toestemming van die superintendent.

(5) Any applicant to whom a certificate has been issued in terms of sub-regulation (3) and who has not paid the purchase price of the right of occupation in full, shall be deemed to have been granted a loan by the Council for the unpaid balance of the purchase price, subject to the conditions contained in regulation 14.

(6) Any fees, or other charges which may accrue in respect of any dwelling the right of occupation of which has been sold in terms of these regulations shall be payable monthly in advance from the date of issue of the certificate.

Transfer of Buildings on Sites.

9. (1) A holder of a site permit or a grantee may subject to the provisions of these regulations sell or otherwise dispose of his buildings, erections and improvements on any site and apply for the transfer of his site permit or certificate to the purchaser or other person to whom the property has been disposed (hereinafter called the transferee), and the superintendent shall grant such transfer if he is satisfied that—

- (a) the transferee complies *mutatis mutandis* with the provisions of sub-regulation (2) of regulation 6 or sub-regulation (3) of regulation 8 as the case may be; and
- (b) the transferor has paid all fees, rents and other charges due by him under these regulations and if he has or is deemed to have obtained a loan in terms of regulation 14, has repaid the said loan in full together with any interest thereon that may have accrued: Provided that the superintendent may, subject to the provisions of these regulations allow the transferee to take over the loan from the holder or grantee; and
- (c) the permit or certificate has been surrendered; and
- (d) the buildings, erections and improvements on the site comply with the requirements of these regulations; and
- (e) the transferor and transferee have completed a transfer form provided by the superintendent for the purpose; and
- (f) the fee prescribed in regulation 46 has been paid.

(2) When effecting transfer the superintendent shall cancel the site permit or certificate of the transferor and issue another site permit or certificate to the transferee as the case may be: Provided that the site permit issued or certificate granted to the transferee shall only be valid for the unexpired portion of validity of that issued to the transferor: Provided further that when a site permit is issued or a certificate granted to a minor it may in the discretion of the superintendent be issued or granted in the name of the guardian of the minor in trust for such minor during the period of minority.

(3) Any rent, fees or other charges which may accrue in respect of any site or dwelling transferred in terms of this regulation shall be payable monthly in advance from the date of issue.

Letting, Sub-letting and Transfer of Dwellings.

10. Subject to the provisions of regulation 9, no site, dwelling or portion thereof referred to in any site or residential permit or certificate shall be let or sub-let or transferred without the written approval of the superintendent.

Assignment.

11. Save as provided in regulations 9 and 10 the holder of a residential or site permit a grantee shall not sell, cede, assign, make over, alienate, pledge, hypothecate or in any manner encumber his permit or certificate or right or interest in and to his premises to any person other than the Council except in accordance with these regulations and with the written consent of the superintendent.

Instandhouding, herstelwerk en onderhoud.

12. (1) Elke houer van 'n perseel- of woonpermit of sertifikaat moet sy woning en gebou op sy perseel in 'n goeie toestand hou. Niemand mag 'n opeenhoping van as, vuilgoed, mis, vullis, afval, rommel of puin wat 'n hindernis veroorsaak of skadelik of gevaarlik vir die gesondheid is, op enige perseel of erf aanhou, laat aanhou of toelaat dat dit daar aangehou word, of dit op enige perseel of erf stort of toelaat dat dit daar gestort word nie, en 'n houer van 'n perseel- of woonpermit of sertifikaat moet vervolgens te alle tye sy perseel skoon hou van onkruid en vuilgoed.

(2) Indien die houer van 'n woonpermit subregulasie (1) oortree het, kan enige amptenaar van die Raad wat deur die bestuurder of die Raad daartoe gemagtig is, onverwyld die perseel met werksmense, gereedskap en materiaal binnekom en alles verrig wat nodig is om die persele behoorlik te herstel, skoon te maak en van ongedierte te bevry, en die Raad kan die koste daarvan op sodanige houer verhaal.

(3) Behoudens die bepalings van subregulasies (1) en (2) is die Raad aanspreeklik vir herstelwerk aan die woning, gebou of gedeelte daarvan op die perseel wat in enige woonpermit beskryf word; die houer van 'n woonpermit is verplig om die superintendent skriftelik in kennis te stel van lekplekke aan die gebou en van enige fout in die dreinerings-, riolerings-, water- of elektrisiteitsinstallasies.

(4) 'n Houer van 'n perseel- of woonpermit of sertifikaat mag nie toelaat—

- (i) dat 'n vertrek wat as 'n geheel of gedeeltelik deur mense vir slaapdoeleindes gebruik word, deur 'n groter aantal persone gebruik word as wat minstens 400 kub. vt. vrye lugruimte en 40 vk. vt. vloer-ruimte vir iedere persoon van 10 of meer jaar oud is, en minstens 200 kub. vt. van vrye lugruimte en 20 vk. vt. van vloer-ruimte vir iedere persoon onder die ouderdom van 10 jaar is toelaat: Met dien verstande dat geen latrine, gang, trap, trapportaal of kas vir slaapdoeleindes gebruik word nie;
- (ii) dat sy perseel vir enige ander doeleindes as die van 'n woning gebruik word nie; dit sluit in 'n tuin wat gebruik word vir die kweek van vrugte, blomme of groente slegs vir huishoudelike gebruik.

(5) Die houer van 'n perseelpermit moet binne drie maande, onderworpe aan sodanige tydverlenging as wat die superintendent goedkeur, voldoen aan enige skriftelike opdrag wat hy van die superintendent ontvang waarin hy versoek word om enige woning, gebou, buitegebou, heining of ander bouwerk wat onooglik of vervalte is, of nie voldoen aan die minimum higiëniese standaard nie, te herstel, te verander, te verbou of te sloop: Met dien verstande dat sodanige skriftelike opdrag vergesels moet gaan van 'n skriftelike aanbod deur die Raad om, onderworpe aan die bepalings van regulasie 14, 'n bedrag aan die houer te leen ten einde hom in staat te stel om sodanige werk uit te voer.

(6) Tot tyd en wyl die koopsom, rente en ander bedrae verskuldig deur 'n sertifikaathouer ingevolge die bepalings van hierdie regulasies ten volle betaal is, kan die Raad, indien die persele wat in die sertifikaat omskrywe word, wat aan sodanige houer uitgereik is, nie in 'n behoorlike toestand van herstel gehou word nie, sodanige perseel betree en opdrag gee dat die nodige herstelwerk op die koste van die houer uitgevoer moet word, welke koste deur hom op aanvraag van die Raad verskuldig is, en ingevolge die bepalings van hierdie regulasies verhaal kan word.

(7) Die sertifikaathouer moet die woning en persele wat in sy sertifikaat vermeld word, teen brand, stormskade, natuurmagte en skade weens oproere en burgerlike op- roerigheid verseker: Met dien verstande dat die Raad daarbenewens en op sigself sodanige woning en persele teen skade of verlies weens brand kan verseker en die koste aan sodanige assuransië verbonde, op die houer mag verhaal.

Oprigting van geboue, heinings, buitegeboue of ander bouwerke.

13. (1) Van tyd tot tyd moet die Raad aan die superintendent skriftelike voorskrifte uitreik aangaande die bou- metode en die boustowwe wat gebruik moet word vir die

Maintenance, Repair and Upkeep.

12. (1) Every holder of a site or residential permit or a grantee shall keep the dwelling and buildings on his site in good order and repair. No person shall keep or cause, or suffer to be kept, or deposit or allow to be deposited on any site or premises any accumulation of ash, filth, manure, dirt, refuse, garbage or rubbish so as to be a nuisance, or injurious or dangerous to health, and a holder of a site or residential permit or grantee shall further keep his site free from weeds and rubbish at all times.

(2) If the holder of a residential permit has committed a breach of sub-regulation (1), any employee of the Council authorised thereto by the manager or the Council may forthwith enter the premises with workmen, tools and materials and execute all work which is necessary to restore the premises to a proper state of repair, cleanliness and freedom from vermin and the Council may recover the cost thereof from such holder.

(3) Save as in sub-regulations (1) and (2) provided, the Council shall be responsible for repairs to the dwelling, building or portion thereof on the premises referred to in any residential permit. It shall be the duty of the holder of a residential permit to acquaint the superintendent in writing of any leakage on the premises and of any defect in the drainage, sewerage, water or electrical installations.

(4) A holder of a site or residential permit or grantee shall not allow—

- (i) any room, wholly or partly used by human beings for sleeping purposes, to be used by a greater number of persons than will allow of four hundred cubic feet of free air space and forty square feet of floor space for each person of or over the age of ten years and two hundred cubic feet of free air space and twenty square feet of floor space for each person under the age of ten years: Provided that no latrine, passage, staircase, landing or cupboard shall be used for sleeping purposes;
- (ii) his site to be used for other than for dwelling purposes, which includes a garden used for the purpose of growing fruit, flowers and vegetables for domestic use only.

(5) The holder of a site permit shall, within three months, subject to such extensions as may be approved by the superintendent, comply with any written instruction he may receive from the superintendent requiring him to repair, alter, rebuild or demolish any dwelling, building, outhouse, fence or other structure which is unsightly, dilapidated or does not comply with the minimum health standard: Provided that such written instruction is accompanied by a written offer by the Council to advance to the said holder, subject to the provisions of regulation 14, a loan to enable such construction to be carried out.

(6) Until the purchase price, interest and other amounts payable by a grantee in terms of these regulations have been paid in full, the Council may, should the premises referred to in the certificate granted to such grantee not be kept in a good and proper state of repair, enter upon the same and cause whatever repair may be necessary to be effected at the cost and expense of the grantee which costs shall become payable by him to the Council upon demand and may be recoverable in terms of these regulations.

(7) The grantee shall insure the dwelling and premises referred to in his certificate against fire, storm, Act of God, riot and civil disturbance: Provided that the Council may in addition and itself insure such dwelling and premises against risk of loss by fire and recover the cost and expense of such insurance from the grantee.

Erection of Buildings, Fences, Outhouses or Other Structures.

13. (1) The Council shall from time to time issue to the superintendent written instructions regarding the method of construction and materials to be used in the construc-

oprigting van 'n woning, gebou, heining, buitegebou of ander bouwerk in die lokasie of vir die herstel, verandering of herbouing van sodanige woning, gebou, heining, buitegebou of ander bouwerk: Met dien verstande dat iedere woning of gebou, wat lig en ventilasie betref, aan die bepalings van artikel honderd-en-dertig van die Volksgezondheidswet, 1919 (Wet No. 36 van 1919), en elke vertrek wat vir slaapdoeleindes gebruik word, wat vloeren luginimte betref aan die bepalings van die Tweede Bylae van die Slumswet, 1934 (Wet No. 53 van 1934), moet voldoen.

(2) Niemand mag by die oprigting van enige woning, gebou, heining, buitegebou of ander bouwerk enige boustowwe gebruik wat nie eers deur die superintendent goedgekeur is nie, en laasgenoemde moet slegs boustowwe goedkeur wat nog nie vantevore gebruik is nie, of wat as hulle gebruik is, van goeie gehalte en in 'n goeie toestand is.

(3) Niemand mag 'n woning, gebou, buitegebou of ander bouwerk in die lokasie oprig, verander of daaraan toevoeg sonder 'n boupermit van die superintendent waarby magtiging tot sodanige werk verleen word nie en die Hof wat iemand aan 'n oortreding van paragraaf (e) van regulasie 49 skuldig bevind, kan benewens enige ander straf wat hy ople, gelas dat die werk ten opsigte waarvan hy skuldig bevind is, binne 'n vasgestelde tyd gesloop en verwyder word.

(4) Iedereen wat 'n boupermit wil verkry vir enige werk wat in die lokasie uitgevoer moet word, moet by die superintendent skriftelik aansoek doen om 'n boupermit en—

- (a) in sy aansoek die materiaal aandui wat gebruik sal word en die doel waarvoor die gebou gebruik gaan word;
- (b) by die aansoek tekeninge volgens skaal in duplo heg met planne, deursnee en opstande van die voorgestelde woning, gebou, buitegebou of ander bouwerk: Met dien verstande dat—
 - (i) geen gebou of oprigting uitgesonderd een gesinsbehuisingseenheid met die normale buitegeboue op enige afsonderlike perseel opgerig mag word nie;
 - (ii) geen woning, gebou, buitegebou of ander bouwerk slegs van hout en sink of met enige materiale wat ookal wat nie skriftelik deur die superintendent goedgekeur is, gebou mag word nie;
 - (iii) elke woning, gebou, buitegebou of ander bouwerk ooreenkomstig spesifikasies deur die superintendent goedgekeur moet wees, en
- (c) ingeval sodanige applikant nie aansoek doen om 'n lening ingevolge regulasie 14 nie, bewys tot voldoening van die superintendent lewer dat sy inkomste toereikend is om hom in staat te stel om sy verpligtinge na te kom ten opsigte van dienste en ander maandelikse gelde aan die Raad betaalbaar, en dat hy likwiede bates besit gelyk aan die geraamde koste van die goedgekeurde woning, gebou, buitegebou of ander bouwerk; of
- (d) ingeval so iemand ingevolge regulasie 14 aansoek doen om 'n lening, bewys tot voldoening van die superintendent lewer dat sy inkomste toereikend is om hom in staat te stel om sy verpligtinge na te kom ten opsigte van rente en delging op genoemde lening en dienste en ander maandelikse gelde aan die Raad betaalbaar, en dat hy likwiede bates besit wat toereikend is om die verskil, as daar is, te dek tussen die geraamde koste van die goedgekeurde woning, gebou, buitegebou of ander bouwerk en die bedrag van die lening voorgeskiet te word; en
- (e) by die superintendent die geraamde bedrag van die toesiggeld ingevolge subregulasie (8) stort; en
- (f) sodanige ander inligting aan die superintendent verstrek as wat hy nodig het.

(5) Die Raad verskaf kosteloos aan enige bona fide-applikant vir 'n boupermit 'n plan van 'n standaardhuis wat deur die Raad goedgekeur is. Die Raad het die reg om in alle gevalle daarop aan te dring dat 'n besondere tipe van woning of ander bouwerk opgerig word.

tion of any dwelling, building, fence, outhouse or other structure in the location or in the repair, alteration or rebuilding of such dwelling, building, fence, outhouse or other structure: Provided that every dwelling or building shall conform to the provisions of section one hundred and thirty of the Public Health Act, 1919 (Act No. 36 of 1919), with regard to light and ventilation and that every apartment used for sleeping purposes shall conform to the provisions of the Second Schedule of the Slums Act, 1934 (Act No. 53 of 1934), with regard to floor and air space.

(2) No person shall incorporate in any dwelling, building, fence, outhouse or other structure any material which has not received the prior approval of the superintendent, who shall approve only of such material as has not been already used or having been used, is of good quality and in good condition.

(3) No person shall erect, alter or add to any dwelling, building, outhouse or other structure in the location without a building permit from the superintendent authorising such work and the Court convicting any person of a contravention of paragraph (e) of regulation 49 may in addition to any other penalty which it may impose, order the demolition and the removal of the work, in respect of which he has been so convicted, within a specified time.

(4) Any person desirous of obtaining a building permit for any work to be carried out in the location shall apply in writing to the superintendent for a building permit and—

- (a) indicate in his application the material which will be used and the purpose for which the building is intended to be used;
- (b) attach to the application, drawings to scale, in duplicate, showing plans, sections and elevations of the proposed dwelling, building, outhouse or other structure: Provided that—
 - (i) no building or erection other than one family housing unit with the normal outbuildings shall be erected on any one site;
 - (ii) no dwelling, building, outhouse or other structure shall be built of wood and iron only or with any materials whatsoever not approved by the superintendent in writing;
 - (iii) every dwelling, building, outhouse or other structure shall be in accordance with specifications approved by the superintendent; and
- (c) in the event of such applicant not applying for a loan in terms of regulation 14, submit proof to the satisfaction of the superintendent that his income is sufficient to enable him to meet his obligations in respect of services and other monthly charges payable to the Council and that he possesses liquid assets equal to the estimated cost of the approved dwelling, building, outhouse or other structure; or
- (d) in the event of such person applying for a loan in terms of regulation 14, submit proof to the satisfaction of the superintendent that his income is sufficient to enable him to meet his obligations in respect of interest and redemption on the said loan and services and other monthly charges payable to the Council and that he possesses liquid assets sufficient to cover the difference, if any, between the estimated cost of the approved dwelling, building, outhouse or other structure and the amount of the loan to be advanced; and
- (e) deposit with the superintendent the estimated amount of the supervision fee in terms of sub-regulation (8); and
- (f) furnish the superintendent with such other information as the superintendent may require.

(5) The Council shall supply free of charge, to any bona fide applicant for a building permit, a plan of a standard house acceptable to the Council. The Council shall have the right to insist in all cases that a particular type of dwelling or other structure be erected.

(6) Sodra die superintendent daarvan oortuig is dat die bepalings van subregulasie (4) nagekom is en dat die planne deur die mediesebeampte, die ingenieur en die bestuurder goedgekeur is, reik hy aan die applikant 'n boupermit uit.

(7) In elke boupermit wat ingevolge hierdie regulasie uitgereik is, moet die gebou, buitegeboue of ander bouwerk aangedui word wat op die betrokke perseel opgerig kan word, en geen ander gebou, buitegebou of bouwerk mag sonder die skriftelike toestemming van die superintendent op sodanige perseel opgerig word nie. Die Hof wat enigiemand skuldig bevind aan 'n oortreding van paragraaf (e) van regulasie 49 kan, benewens enige ander straf wat hy opleë, 'n bevel uitvaardig vir die sloping en die verwydering van die ongemagtigde gebou, buitegebou of bouwerk ten opsigte waarvan hy aldus skuldig bevind is.

(8) Die superintendent moet sorg dat daar behoorlik toesig gehou word oor die oprigting of verandering van of toevoeging van 'n woning, gebou, buitegebou of ander bouwerk, en kan gelas dat 'n woning, gebou, buitegebou of ander bouwerk of gedeelte daarvan wat nie ooreenkomstig die boupermit opgerig is nie, gesloop word of hy kan dit laat sloop. Iedere applikant vir 'n boupermit moet aan die superintendent die bedrag in regulasie 46 voorgeskryf ten opsigte van sodanige toesig vooruitbetaal en hierdie bedrag is aan die applikant terugbetaalbaar as die superintendent die aansoek weier.

(9) Geen reg word ingevolge die boupermit aan die houer daarvan verleen om in die lokasie te woon nie, as hy nie andersins gemagtig is om aldaar te woon nie, maar hy is ingevolge daarvan geregtig om op alle redelike tye die lokasie te betree en daarin te wees met die doel om geboue ingevolge die boupermit goedgekeur op te rig of om toesig daarvoor te hou.

(10) As daar nie 'n aanvang gemaak word met 'n woning, gebou, buitegebou of ander bouwerk waarvoor 'n boupermit uitgereik is, binne drie maande van die datum van uitreiking van sodanige permit of as dit nie binne twaalf maande van genoemde datum voltooi is nie, kan sodanige permit deur die superintendent ingetrek word en die houer daarvan moet binne 'n tydperk deur die superintendent vermeld, enige oprigting of materiaal wat aan hom behoort, van die woning, gebou of perseel ten opsigte waarvan sodanige permit toegestaan is, verwyder. Met dien verstande dat die superintendent as goeie redes aangevoer word, sodanige verlenging van die tyd kan toestaan as wat hy in die omstandighede redelik ag.

(11) As die oprigting of verandering van of toevoeging aan 'n woning, gebou, buitegebou of ander bouwerk waarvoor 'n boupermit uitgereik is, nie binne twaalf maande van die datum van uitreiking van en ooreenkomstig sodanige permit voltooi is nie, kan die superintendent—

- (i) die tydperk vir 'n verder gespesifiseerde tyd verleng;
- (ii) sodanige perseel betree en die goedgekeurde woning, gebou, buitegebou of ander bouwerk oprig of voltooi en die koste daarvan op die houer van die boupermit verhaal; of
- (iii) die boupermit intrek en die houer daarvan gelas om binne 'n tydperk deur die superintendent vermeld enige oprigting of materiaal wat aan hom behoort, van die woning, gebou, buitegebou of ander bouwerk of perseel ten opsigte waarvan bedoelde permit toegestaan is, te verwyder.

(12) Die houer van die boupermit moet na voltooiing van die oprigting of verandering van of toevoeging aan 'n woning, gebou, buitegebou of ander bouwerk, die superintendent daarvan in kennis stel. By ontvangs van sodanige kennisgewing moet die superintendent bedoelde werk laat inspekteer en as dit aan die bepalings van hierdie regulasies voldoen, moet hy dienooreenkomstig sertifiseer deur middel van 'n endossement op die betrokke boupermit. Sodanige endossement moet ook op die kantoorafskrif van genoemde permit voorkom. Geen magtiging word daarop ingevolge bedoelde permit verleen tot die oprigting of verandering van of toevoeging aan 'n woning, gebou, buitegebou of ander bouwerk nie.

(6) On being satisfied that the provisions of sub-regulation (4) have been complied with and that the plans have been approved by the medical officer of health, the engineer and the manager, the superintendent shall issue to the applicant a building permit.

(7) Every building permit issued in terms of this regulation shall specify what building, outhouse or other structure may be erected on the relative site, and no other building, outhouse or structure shall be erected on such site without the written permission of the superintendent. The Court convicting any person of a contravention of paragraph (e) of regulation 49 may, in addition to any other penalty which it may impose, make an order for the demolition and the removal of the unauthorised building, outhouse or structure in respect of which he has been so convicted.

(8) The superintendent shall cause the erection, alteration or addition to any dwelling, building, outhouse or other structure to be effectively supervised and may order or cause to be demolished any dwelling, building, outhouse or other structure or any portion thereof which has not been constructed in accordance with the building permit. Every applicant for a building permit shall pay in advance to the superintendent the amount prescribed in regulation 46 in respect of such supervision, which sum shall be refundable to the applicant if the superintendent refuses the application.

(9) The building permit shall not entitle the holder thereof to reside in the location, if he be not otherwise authorised so to reside, but shall entitle him to enter and be in the location at all reasonable times for the purpose of erecting or supervising the erection of buildings authorised by the building permit.

(10) If a dwelling, building, outhouse or other structure for which a building permit has been issued be not commenced within three months or be not completed within twelve months from the date of issue of such permit, such permit may be cancelled by the superintendent and the holder thereof shall within a period stipulated by the superintendent remove any erection or material belonging to him from the dwelling, building or site in respect of which such permit was granted: Provided that the superintendent may, on good cause shown, grant such extension of time as may appear to him to be reasonable in the circumstances.

(11) If the erection, alteration of or addition to any dwelling, building, outhouse or other structure for which a building permit has been issued be not completed within twelve months from the date of issue of and in accordance with such permit, the superintendent may—

- (i) extend the period for a further specified time;
- (ii) enter upon such site and erect or complete the approved dwelling, building, outhouse or other structure and recover the cost thereof from the holder of the building permit; or
- (iii) cancel the building permit and order the holder thereof within a period stipulated by the superintendent to remove any erection or material belonging to him from the dwelling, building, outhouse or other structure or site in respect of which such permit was granted.

(12) The holder of the building permit shall on completion of the erection, alteration of or addition to any dwelling, building, outhouse or other structure give notice thereof to the superintendent. Upon receipt of such notice the superintendent shall cause such work to be inspected and, if it complies with the provisions of these regulations, shall certify accordingly by an endorsement of the relative building permit. Such endorsement shall also be effected on the office copy of the said permit. Such permit shall thereupon cease to confer any authority for the erection or alteration of or addition to any dwelling, building, outhouse or other structure.

(13) Niemand mag in 'n woning, gebou, buitegebou of ander bouwerk woon, dit bewoon of gebruik nie voordat die betrokke bouvermit ooreenkomstig die bepalings van subregulasie (12) gesertifiseer is nie.

(14) Iedereen wat 'n heining in die lokasie oprig, moet verseker dat bedoelde heining nie hoër as vier voet is nie, dat die hout- en ysterpale nie hoër as die heining is nie, dat ruitjesdraad gebruik word en dat iedere heining behoorlik opgerig en nie onooglik is nie. Iedereen wat ingevolge paragraaf (f) van regulasie 49 skuldig bevind is weens die oprigting van 'n heining in stryd met hierdie bepalings kan deur die Hof gelas word om, benewens enige ander straf wat hom opgelê kan word, sodanige heining binne 'n gespesifiseerde tyd te verwyder, by gebreke waarvan die Raad bedoelde heining kan laat verwyder en die koste van sodanige verwydering op so iemand kan verhaal.

(15) Die eienaar van 'n bestaande heining wat nie aan die vereistes van subregulasie (14) voldoen nie, kan deur die superintendent per skriftelike kennisgewing gelas word om sodanige heining binne tien dae van die ontvangs van die kennisgewing te herstel, te herbou of te verwyder. Iedereen wat ingevolge paragraaf (g) van regulasie 49 skuldig bevind word omdat hy in gebreke gebly het om aan sodanige lasgewing te voldoen, kan deur die Hof gelas word om, benewens enige ander straf wat hom opgelê kan word, sodanige heining binne 'n gespesifiseerde tyd te verwyder, by gebreke waarvan die Raad bedoelde heining kan laat verwyder en die koste van sodanige verwydering op so iemand kan verhaal.

(16) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie regulasies vervat, kan die eienaar van 'n bestaande bouwerk wat na die mening van die superintendent onooglik of bouvallig is, of waarvan die oprigting nie deur hom gemagtig is nie, deur die superintendent skriftelik gelas word om sodanige bouwerk binne tien dae te verwyder. Iedereen wat ingevolge paragraaf (h) van regulasie 49 skuldig bevind word omdat hy in gebreke gebly het om aan sodanige lasgewing te voldoen, kan deur die Hof gelas word om, benewens enige ander straf wat hom opgelê kan word, sodanige bouwerk binne 'n gespesifiseerde tyd te verwyder, by gebreke waarvan die Raad bedoelde bouwerk kan laat verwyder en die koste van sodanige verwydering op so iemand kan verhaal.

(17) Ondanks die bepalings van subregulasies (1), (2), (3), (7), (8), (13) en (16), word die houer van 'n perseel-permit toegelaat om tesame met sy gesin, 'n tydelike bouwerk wat vir reën ondeurdringbaar is, wat dit moontlik maak vir gesinslede om privaat te wees, en wat van 'n ander materiaal as goeing saamgestel is in 'n hoek van 'n woonperseel in 'n perseel-en-diensskema aan hom toegeken, op te rig en dit te bewoon: Met dien verstande dat sodanige tydelike bouwerk as 'n ongemagtigde bouwerk beskou word waarop die bepalings van genoemde subregulasies (1), (2), (3), (7), (8), (13) en (16) van toepassing is—

- (i) sodra 'n vaste woning op sodanige perseel opgerig ingevolge subregulasie (12) gesertifiseer is; of
- (ii) as sodanige houer, nadat die superintendent 'n munisipale woning of 'n woningboulening ingevolge subregulasie (1) van regulasie 14 skriftelik aan hom aangebied het vir die oprigting van 'n geskikte woning, binne drie maande van bedoelde aanbod in gebreke bly om sodanige munisipale woning te bewoon of om 'n bouvermit te verkry.

Vir die toepassing van hierdie subregulasie beteken 'n erf-en-diensskema 'n behoorlik beplande woonbuurt binne die lokasie wat voorsien is van rudimentêre dienste en waarin die houer van 'n perseelpermit ten opsigte van 'n perseel wat in bedoelde buurt aan hom toegeken is, toegelaat word om 'n tydelike bouwerk in 'n hoek van sodanige perseel op te rig tot tyd en wyl 'n goedgekeurde woning opgerig is.

Behuisingslenings.

14. (1) Die Raad kan na goedgekeurde en op aansoek van die houer van 'n bouvermit, 'n perseelpermit of sertifikaat, 'n lening tot 100 persent maar nie £250 te bowegaande nie, van die waarde (soos deur die ingenieur geskat op

(13) No person shall reside in, occupy or use any dwelling, building, outhouse or other structure before the relevant building permit has been certified in accordance with the provisions of sub-regulation (12).

(14) Every person erecting any fence in the location shall ensure that such fence shall not exceed four feet in height, that the wood and iron standards shall not exceed the height of the fence, that diamond mesh wire shall be used and that every fence is properly constructed and is not unsightly. Any person convicted under paragraph (f) of regulation 49 for the erection of a fence contrary to these provisions may be ordered by the Court, in addition to any other penalty which may be imposed on him, to remove such fence within a specified time, failing which the Council may cause such fence to be removed and recover the cost of such removal from such person.

(15) The owner of any existing fence which does not comply with the requirements of sub-regulation (14) may be required by the superintendent by written notice, to repair, rebuild or remove such fence, within ten days of receipt of the notice. Any person convicted under paragraph (g) of regulation 49 for failing to comply with such order, may be ordered by the Court, in addition to any other penalty which may be imposed on him, to remove such fence within a specified time, failing which the Council may cause such fence to be removed and recover the cost of such removal from such person.

(16) Notwithstanding anything to the contrary contained in these regulations, the owner of any existing structure which in the opinion of the superintendent is unsightly or dilapidated, or the erection of which has not been authorised by him, may be ordered by the superintendent in writing to remove such structure within ten days. Any person convicted under paragraph (h) of regulation 49 for failing to comply with such order may be ordered by the Court, in addition to any other penalty which may be imposed on him, to remove such structure within a specified time, failing which the Council may cause such structure to be removed and recover the cost of such removal from such person.

(17) Notwithstanding the provisions of sub-regulations (1), (2), (3), (7), (8), (13) and (16), the holder of a site permit shall be permitted to erect and to occupy, together with his family, any temporary waterproof structure enabling members of the family to be private and constructed of material other than hessian in a corner of a residential site allotted to him in a site-and-service scheme: Provided that such temporary structure shall be regarded as an unauthorised structure and the provisions of the said sub-regulations (1), (2), (3), (7), (8), (13) and (16) shall apply in respect thereof—

- (i) as soon as a permanent dwelling erected on such site is certified in terms of sub-regulation (12); or
- (ii) if after having been offered by the superintendent in writing a municipal dwelling or a housing loan in terms of sub-regulation (1) of regulation 14 for the erection of a suitable dwelling, such holder fails within three months of such offer to occupy such municipal dwelling or to obtain a building permit.

For the purpose of this sub-regulation, a site-and-service scheme means a properly planned residential area within the location provided with rudimentary services and in which the holder of a site permit in respect of a site allotted to him in such area is permitted to erect a temporary structure in a corner of such site pending the erection of an approved dwelling.

Housing Loans.

14. (1) The Council may in its discretion on application by the holder of a building permit, site permit or a grantee grant to such holder a loan of up to 100 per cent but not exceeding £250 of the value (as estimated by the engineer

grondslag van die waarskynlike koste volgens die voorgestelde planne) van die voorgestelde gebou, aanbouing of opknapping, wanneer dit voltooi is, aan so 'n houer toestaan: Met dien verstande dat die algehele koste van die gebou, aanbouing of opknapping nie 'n bedrag van £450 mag oorskry nie.

Die Raad het die reg om op die oprigting van 'n besondere soort gebou in die lokasie of 'n gedeelte daarvan aan te dring.

(2) Lenings kan ooreenkomstig die vordering van die bouwerkzaamhede voorgeskiet word by voorlegging van maandelikse sertifikate van die superintendent wat die hoeveelheid werk wat gedoen is, sertifiseer. Die Raad moet betalings vir materiaal wat verskaf is, regstreeks aan die betrokke leweransier doen by voorlegging van uitvoerige fakture en behoorlik ondertekende afleveringsbewyse.

(3) Met die oog op besparing kan die Raad, deur middel van tenders vir boumateriaal, met handelaars en ander leweransiers reëlings tref om boumateriaal teen bepaalde pryse te verskaf. Een van die voorwaardes van enige lening wat ingevolge hiervan toegestaan word, is dat die Raad die reg het om te eis dat alle boumateriaal deur 'n goedgekeurde leweransier, wat gekies moet word uit 'n lys van sodanige leweransiers wat die Raad goedgekeur het, verskaf moet word op skriftelike rekwisisie deur die Raad namens die aanvrager, of dat die Raad self sodanige materiaal moet verskaf.

(4) Voorskotte op lenings en oorblywende bedrae van die kapitaalkoste van huise wat die Raad oprig, dra rente teen sodanige koers as wat die Raad by besluit van tyd tot tyd vasstel, maar sodanige rente mag nie meer as $\frac{1}{4}\%$ (een-kwart persent) hoër wees as die rente wat die Raad ten opsigte van enige lening wat hy aangaan om sodanige boulenings te finansier, betaal nie. Sodanige rente moet maandeliks vooruit op die saldo van die lening wat dan verskuldig is, bereken word.

(5) Lenings is in gelyke maandelikse paaïemente ten opsigte van die hoofsom en rente oor 'n tydperk wat die Raad vasstel, terugbetaalbaar. Die tydperk vir terugbetaling van die hoofsom van die lening en die rente word bereken vanaf die eerste dag van die maand wat volg op die maand waarin die laaste voorskot op die lening gedoen is. Rente op elke voorskot op die lening moet egter vanaf die datum wanneer die voorskot gedoen is, bereken word en indien dit op die datum waarop die laaste voorskot toegestaan word, nog nie betaal is nie, moet dit van sodanige laaste voorskot afgetrek word. Enige bedrag wat vir die aanbring van veranderings, aanbouings of herstelwerk ooreenkomstig hierdie regulasies voorgeskiet word, word by die verskuldigde saldo van enige lening wat alreeds toegestaan is gevoeg en die oorblywende tydperk vir die terugbetaling van die saldo van enige lening wat alreeds toegestaan is, word, tensy daar anders tussen die Raad en die houer ooreengekom word, so verleng dat die maandelikse paaïemente op die hoofsom en rente ten opsigte van albei lenings nie so verhoog word dat dit die betalings ten opsigte van die oorspronklike lening oorskry nie. In die geval van 'n voorskot vir veranderings, aanbouings of herstelwerk, wat toegestaan word aan enige houer wat nie 'n behuisinglening van die Raad ontvang het nie of wat niks meer op 'n lening skuld nie, moet sodanige voorskot in gelyke paaïemente van hoofsom en rente oor 'n tydperk van hoogstens vyf jaar vanaf die datum van die betaling daarvan terugbetaal word. Indien die lener versuim of nalaat om enige paaïement of perseelhuurgeld (met inbegrip van gelde vir dienste), versekeringspremie of herstelkoste te betaal binne een kalendermaand na die datum waarop dit betaalbaar is, word die hele saldo van die lening of die verkoopprys van die bewoningsreg van die huis, rente en die gemelde ander bedrae betaalbaar en, by gebreke van onmiddellike en volle betaling daarvan deur die lener, kan die Raad die leningsooreenkoms beëindig en die verkoop van enige boumateriaal of van die reg op bewoning van die huis intrek.

(6) Die lener moet 'n skriftelike erkenning van skuld ten opsigte van sodanige lening tesame met 'n onderneming om die lening ooreenkomstig hierdie regulasies terug te betaal, onderteken en by die Raad deponeer.

upon the basis of the probable cost according to the plans submitted) of the proposed building, extensions or renovations when completed: Provided that the entire cost of the building, extensions or renovations may not exceed an amount of £450.

The Council shall have the right to insist on the erection of a certain type of building in the location or portion thereof.

(2) Loans may be advanced in accordance with the progress of building operations on submission of monthly certificates from the superintendent certifying the quantity of the work done. Payment for building materials supplied shall be made by the Council direct to the contractor concerned on submission of detailed invoices and signed delivery notes.

(3) With a view to economy the Council may arrange, by means of tenders for building materials, with merchants and other contractors to supply building materials at a given price. One of the conditions of any loan made hereunder shall be that the Council shall have the right to require that all building materials shall be supplied by an approved contractor who shall be selected from a list of such contractors approved by the Council on written requisition by the Council on the applicant's behalf, or that such materials shall be supplied by the Council itself.

(4) Advances on loans and remaining amounts of the capital costs of houses erected by the Council, bear interest at such rate as the Council may by resolution from time to time determine, but such interest shall not exceed the interest payable by the Council upon any loan raised by it to finance such building loans by more than $\frac{1}{4}\%$ (one quarter per cent). Such interest shall be calculated monthly in advance on the balance of the loan then due.

(5) Loans shall be repayable in equal monthly instalments on account of principal and interest over a period to be fixed by the Council. The period of repayment of the principal of the loan and interest shall be calculated from the first day of the month following the month in which the last advance on account of the loan was made. Interest on every advance on the loan shall, however, be calculated from the date on which the advance was made, and if it is not paid on the date on which the last advance is granted, it shall be deducted from such last advance. Any amount advanced for the carrying out of renovations, extensions or repairs in accordance with these regulations shall be added to the balance due on any loan already granted and the remaining period allowed for the repayment of any loan already made shall, unless otherwise agreed upon by the Council and the holder, be so extended that the monthly payments on the principal and interest for both loans are not increased beyond the payments in respect of the original loan. In the event of an advance for renovations, extensions or repairs being made to any holder who has not received a housing loan from the Council or owes no further amount on a loan, such advance shall be repaid in equal instalments of principal and interest over a period not exceeding five years from the date of the payment thereof. Should the borrower fail or neglect to pay within one calendar month after the due date any instalment or any stand rent (including charges for services), insurance premium or any costs of repair, the whole of the balance of the loan or the selling price of the right of occupation of the house, interest and the said other amounts shall become due and payable and upon failure of the borrower to make immediate payment in full thereof, the Council may terminate the loan agreement and cancel the sale of any building materials or of the right of occupation of the house.

(6) The borrower shall sign and deposit with the Council a written acknowledgement of debt in respect of such loan together with an undertaking to repay the loan in accordance with these regulations.

(7) Nieteenstaande enige andersluidende bepaling in hierdie regulasies, kan die lener te eniger tyd die saldo wat hy verskuldig is ten volle vereffen of sodanige uitstaande saldo met enige bedrag gelyk aan 'n maandelikse paalement, of 'n veelvoud daarvan, verminder.

(8) Indien die lener op die datum van beëindiging van die leningsooreenkoms of van intrekking van sy perseel-permit of sertifikaat minder as 30% (dertig persent) van enige lening en rente betaal het, moet die Raad, na aftrekking van enige bedrag wat deur die lener aan die Raad ingevolge hierdie regulasies op die datum van sodanige intrekking verskuldig is, en enige koste wat in verband met die uitsetting van die lener van die perseel aangegaan is, enige bedrag wat gedeponeer en enige bedrae wat bo en behalwe die maandelikse paalemente ingevolge subregulasie (7) betaal is, saam met rente daarop teen 2% (twee persent) per jaar, aan die lener of sy boedel terugbetaal; maar die Raad behou alle maandelikse paalemente wat ingevolge hierdie regulasies betaal is, as huurgeld vir die gebruik en bewoning van genoemde perseel deur die lener en as voorafberekende en gelikwideerde skadevergoeding.

(9) Indien die lener op die datum van beëindiging van die leningsooreenkoms of van intrekking van sy perseel-permit of sertifikaat 30% (dertig persent) of meer van enige lening en rente betaal het, moet die Raad per openbare veiling alle aanspraak wat die lener of sy boedel op die woonhuis sou gehad het indien die volle lening en rente en ander koste betaal was, aan iemand wat deur die Raad goedgekeur is, verkoop en die bedrag wat op die wyse opgelewer word, aan die lener of sy boedel betaal na aftrekking van die bedrag van die onbetaalde saldo van die lening, rente en alle ander bedrae wat ingevolge hierdie regulasies deur die lener verskuldig is en van enige koste wat moontlik aangegaan is in verband met die uitsetting van die lener uit die perseel en van die koste van die verkoping per openbare veiling. Behalwe soos hierin bepaal word, kan die lener geen eis teen die Raad vir die terugbetaling van enige bedrag wat hy ingevolge hierdie regulasies betaal het, instel nie.

(10) In geval van die beëindiging van 'n lening of van die intrekking van 'n boupermit, perseelpermit of sertifikaat, val enige woonhuis, aanbouings of verbeterings wat van die Raad verkry is of wat opgerig is en boumateriaal wat deur die houer aangekoop is uit lenings wat van die Raad ontvang is waar sodanige lenings en enige rente of ander heffings daarop nie deur die lener ten volle terugbetaal is nie, terug aan die Raad en word hulle, behoudens die bepalings van subregulasies (8) en (9), die uitsluitlike eiendom van die Raad.

Intrekking van perseel-woonpermitte en sertifikate.

15. (1) 'n Perseelpermit of sertifikaat kan, nadat die superintendent die houer daarvan skriftelik een maand van sy voorneme kennis gegee het, deur die superintendent ingetrek word as sodanige houer—

- (a) vir 'n ononderbroke tydperk van meer as een maand voor die uitreiking van sodanige kennisgewing werkloos was of nie 'n wettige ambag of beroep binne die stadsgebied beoefen het nie: Met dien verstande dat ingeval van siekte deur 'n mediese sertifikaat gestaaf die tydperk van werkloosheid bereken word, met ingang van die datum waarop die houer volgens die mediese sertifikaat weer geskik is om diens te aanvaar: Voorts met dien verstande dat hierdie subparagraaf nie van toepassing is nie waar sodanige permithouer 'n pensioen-trekker is, of weens ouderdom, siekte of swaakteit uit die een of ander wettige deins, ambag of beroep binne die stadsgebied getree het;
- (b) vir 'n ononderbroke tydperk van meer as een maand buite die stadsgebied in diens was, uitgesonderd waar hy ooreenkomstig sy diensvoorwaardes sy gewone werkgever tydelik volg na, of by hom aansluit op plekke buite die stadsgebied en die superintendent hiervan in kennis gestel het voordat hy vertrek het;
- (c) sonder grondige rede versuim om binne die tydperk wat deur die superintendent bepaal is, enige goedgekeurde gebou, bouwerk of heining op die betrokke perseel te voltooi;

(7) Notwithstanding anything to the contrary in these regulations contained the borrower may at any time make payment in full of the balance due by him, or reduce such outstanding balance by any amount equivalent to the monthly instalment or multiple thereof.

(8) Should the borrower have paid less than 30% (thirty per cent) of any loan and interest at the date of termination of the loan agreement or of the cancellation of his site permit or certificate, the Council shall refund to the borrower or his estate, after deduction of any amount due by the borrower to the Council in terms of these regulations as at the date of such cancellation and any costs incurred in securing the ejectment of the borrower from the premises, any amount deposited and any amounts paid in excess of the monthly instalments in terms of sub-regulation (7), together with interest thereon at the rate of 2% (two per cent) per annum; but all monthly instalments paid in terms of these regulations shall be retained by the Council as rent for the use and occupation of the said premises by the borrower and as pre-estimated and liquidated damages.

(9) Should the borrower have paid 30% (thirty per cent) or more of any loan and interest at the date of termination of the loan agreement or the cancellation of his site permit or certificate, the Council shall dispose by public auction to a person approved of by the Council of all rights the borrower or his estate would have had in the dwelling had the full loan and interest and other costs been paid, and pay the amount so realised to the borrower or his estate after deduction of the amount of the unpaid balance of the loan, interest and all other amounts due by the borrower in terms of these regulations, and of any costs which may have been incurred in securing the ejectment of the borrower from the site and of the costs of the sale by public auction.

Save as herein provided, the borrower may have no claim against the Council for the refund of any amount paid by him under these regulations.

(10) In the event of the termination of a loan or the cancellation of a building permit, site permit or certificate, any dwelling, additions or improvements which may have been acquired from the Council or may have been erected and any building material which may have been purchased from loans received from the Council shall, where such loans and any interest or other charges thereon have not been repaid in full by the borrower, revert to and, subject to the provisions of sub-regulations (8) and (9), become the sole property of the Council.

Cancellation of Site Permits, Residential Permits and Certificates.

15. (1) A site permit or certificate may on the superintendent giving the holder thereof not less than one month's notice in writing of his intention to do so, be cancelled by the superintendent on such holder—

- (a) being for a continuous period of more than one month before the issue of such notice, unemployed or not following within the urban area some lawful trade or occupation: Provided that in the case of illness supported by a medical certificate, the period of unemployment shall be calculated from the date on which the holder is considered by medical certificate to be fit for work again: Provided further that this sub-paragraph shall not be applicable where such permit holder is a pensioner, or has resigned from some lawful employment, trade or occupation within the urban area owing to age, illness or infirmity.
- (b) being employed for a continuous period of more than one month outside the urban area except where in terms of his conditions of employment he is temporarily following his normal employer to or joining him at places outside the urban area and has notified the superintendent of such fact prior to leaving;
- (c) failing without reasonable cause to complete any authorised building, structure or fence, on the relative site within the period stipulated by the superintendent;

- (d) nadat hy skriftelike kennisgewing van die superintendent ontvang het om 'n woning, gebou, buitegebou, heining of ander bouwerk te herstel, te verander, te herbou, of te sloop, binne drie maande na die datum waarop sodanige kennisgewing ontvang is en sonder grondige rede versuim, weier of nalaat om sodanige voorskrifte uit te voer;
- (e) die perseel ten opsigte waarvan die perseelpermit of sertifikaat uitgereik is, vir 'n tydperk van meer as drie maande verlaat sonder die skriftelike toestemming van die superintendent;
- (f) nie meer toegelaat word om in die stadsgebied te wees nie;
- (g) nie meer na die mening van die Raad 'n geskikte persoon is om in die lokasie te woon nie;
- (h) so 'n permit of sertifikaat verkry het deur 'n valse, onjuiste of misleidende verklaring te doen wat van belang was in verband met die uitreiking van so 'n permit of sertifikaat;
- (i) iemand is op wie beperkings ingevolge artikel vyf van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet No. 44 van 1950), opgelê is;
- (j) skuldig bevind is aan 'n misdryf en gevonnisd is tot gevangenisstraf vir 'n tydperk van meer as ses maande sonder die keuse van 'n boete;
- (k) die bewoner van 'n ander munisipale perseel, of 'n loseerder in die lokasie word; en
- (l) nie meer die perseel of gebou ten opsigte waarvan sodanige permit of sertifikaat uitgereik is bewoon nie;

en by sodanige intrekking moet sodanige permit of sertifikaathouer en alle lede van sy gesin die lokasie onverwyld verlaat, tensy anders gemagtig om daarin te bly en die perseelpermit of sertifikaat vir intrekking oorhandig, maar so 'n intrekking maak geen inbreuk op die reg wat hierby aan die Raad voorbehou word om alle huur- en ander gelde in te vorder wat verskuldig en bereken is tot die datum van sodanige intrekking nie.

(2) Enige woonpermit kan, nadat die superintendent die houer daarvan skriftelik minstens een maand kennis van sy voorneme gegee het, deur die superintendent ingetrek word as sodanige houer—

- (d) having received written notice from the superintendent to repair, alter, rebuild or demolish any dwelling, building, outhouse, fence or other structure, failing, refusing or neglecting within three months of the date of receipt of such notice and without reasonable cause to carry out such instructions;
- (e) leaving for a period of more than three months without the written permission of the superintendent the site in respect of which the site permit or certificate was issued;
- (f) being no longer permitted to remain in the urban area;
- (g) ceasing to be in the opinion of the Council a fit and proper person to reside in the location;
- (h) having obtained such permit or certificate by making a false, incorrect or misleading statement, material to the issue of such permit or certificate;
- (i) being a person on whom the restrictions in terms of section five of the Suppression of Communism Act, 1950 (Act No. 44 of 1950), have been imposed;
- (j) being convicted of an offence and sentenced to imprisonment without the option of a fine for a period exceeding six months;
- (k) becoming the occupier of other municipal premises or becoming a lodger in the location; and
- (l) ceasing to occupy the site or building in respect of which such permit or certificate was issued;

and on such cancellation such permit holder or grantee and all members of his family shall forthwith leave the location unless otherwise authorised to remain therein and deliver the site permit or certificate for cancellation, but such cancellation shall not affect the right hereby reserved to the Council to recover all rent and other charges due and calculated to the date of such cancellation.

(2) Any residential permit may, on the superintendent giving the holder thereof not less than one month's notice in writing of his intention to do so, be cancelled by the superintendent on such holder—

- (a) being for a continuous period of more than one month before the issue of such notice unemployed or not following within the urban area some lawful occupation or calling: Provided that in the case of illness supported by a medical certificate the period of unemployment shall be calculated from the date on which the holder is considered by medical certificate to be fit for work again: Provided further that this sub-paragraph shall not apply where such holder is a pensioner or by reason of old age, illness or infirmity has retired from some lawful employment, occupation or calling within the urban area;
- (b) being employed for a period of more than one month outside the urban area except where in terms of his conditions of employment he is temporarily following his normal employer to or joining him at places outside the proclaimed area and has notified the superintendent of such fact prior to leaving;
- (c) failing without any reasonable cause to complete any authorised building, structure or fence on the relative site within the period stipulated by the superintendent;
- (d) having received written notice from the superintendent to repair, alter, rebuild or demolish any dwelling, building, outhouse, fence or other structure, failing, refusing or neglecting within three months of the date of receipt of such notice and without reasonable cause to carry out such instructions;
- (e) leaving for a period of more than three months without the written permission of the superintendent the site in respect of which the site permit or certificate was issued;

- (f) nie meer toegelaat word om in die stadsgebied te wees nie;
- (g) nie meer na die mening van die Raad 'n geskikte persoon is om in die lokasie te woon nie;
- (h) so 'n permit of sertifikaat verkry het deur 'n valse, onjuiste of misleidende verklaring te doen wat van belang was in verband met die uitreiking van so 'n permit of sertifikaat;
- (i) iemand is op wie beperkings ingevolge artikel vyf van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet No. 44 van 1950), opgelê is;
- (j) skuldige bevind is aan 'n misdryf en gevonnissen tot gevangenisstraf vir 'n tydperk van meer as ses maande sonder die keuse van 'n boete;
- (k) die bewoner van 'n ander munisipale perseel, of 'n loseerder in die lokasie word; en
- (l) nie meer die perseel of gebou ten opsigte waarvan sodanige permit of sertifikaat uitgereik is bewoon nie;
- (m) die bewoner van 'n huis, opgerig uit sub-ekonomiese fondse, is, en na die oordeel van die Raad ophou om binne die sub-ekonomiese groep te val, soos deur die Minister ingevolge subartikel (1) *bis* van artikel *twintig* van die Wet bepaal;

en by sodanige intrekking moet die vorige houer en alle lede van sy gesin die lokasie onverwylde verlaat tensy anders gemagtig om daarin te bly en die woonpermit aan die superintendent oorhandig: Met dien verstande dat so 'n intrekking geen inbreuk maak nie op die reg wat hierby aan die Raad voorbehou is nie om alle huur of ander gelde in te vorder wat verskuldig en bereken is tot die datum van sodanige intrekking: Voorts met dien verstande dat, voordat 'n woonpermit ingetrek word op die gronde uiteengesit in subparagraaf (m) geskikte alternatiewe huisvesting in 'n huis opgerig uit ekonomiese behuisingfondse eers aan sodanige houer aangebied moet word, by gebreke waarvan, die superintendent, indien sodanige houer die huurgeld wat voorgeskryf is vir die huis ten opsigte waarvan sodanige permit uitgereik is, vooruitbetaal het sodanige houer moet toelaat om in 'n sodanige huis aan te bly.

(3) 'n Houer van 'n perseelpermit of 'n sertifikaat aan wie kennis ingevolge subregulasie (1) gegee is van die intrekking van sy perseelpermit of sertifikaat en wat, as enige lening aan hom toegestaan is, deur die Raad ingevolge regulasie 14, die kapitaal en rente van so 'n lening ten volle terugbetaal het, het die reg om voor die datum van inwerkingtreding van so 'n intrekking die verbeterings van die hand te sit wat hy opgerig of verkry het op die perseel, in sodanige permit of sertifikaat genoem, aan iemand deur die superintendent goedgekeur of om sodanige verbeterings van die hand te sit aan die Raad teen 'n prys, wat by ontstentenis van 'n ooreenkoms, deur die Naturellekommissaris vasgestel moet word. As sodanige permit- of sertifikaathouer of die Raad ontevrede is met die prys deur die Naturellekommissaris vasgestel, moet die Raad sodanige verbeterings of belang in verbeterings per openbare veiling verkoop aan iemand wat hy goedkeur. As sodanige verbeterings of belang nie van die hand gesit word nie kan sodanige permit of sertifikaathouer met die goedkeuring van die Naturellekommissaris, sodanige verbeterings van die perseel verwyder.

(4) As die houer van 'n perseelpermit of sertifikaat wat ingetrek is, versuim, nalaat of weier om gebruik te maak van die reg wat in hierdie regulasie uiteengesit word, moet die Raad die belang van sodanige houer verkry of verkoop teen 'n prys wat in ooreenstemming met die Naturellekommissaris vasgestel word, en nadat enige gelde wat verskuldig is en enige koste wat aangegaan is, afgetrek is, moet die Raad die saldo aan die houer uitbetaal: Met dien verstande dat as die Raad en die Naturellekommissaris nie kan ooreenkom aangaande die prys wat in hierdie subregulasie genoem word nie, die Raad sodanige belang per openbare veiling aan iemand wat die Raad goedkeur moet verkoop.

(5) Enige perseel- of woonpermit of sertifikaat kan opgesê word as die houer een maand skriftelik kennis van sy voorneme om dit te doen, aan die Raad gee.

- (f) being no longer permitted to remain in the urban area;
- (g) ceasing to be, in the opinion of the Council, a fit and proper person to reside in the location;
- (h) having obtained such permit or certificate by making a false, incorrect or misleading statement, material to the issue of such permit or certificate;
- (i) being person on whom the restrictions in terms of section five of the Suppression of Communism Act, 1950 (Act No. 44 of 1950), have been imposed;
- (j) being convicted of an offence and sentenced to imprisonment without the option of a fine for a period exceeding six months;
- (k) becoming the occupier of other municipal premises or becoming a lodger in the location;
- (l) ceasing to occupy the site or building in respect of which such permit or certificate was issued;
- (m) being the occupier of a dwelling erected from sub-economic funds and ceasing in the opinion of the Council to fall within the sub-economic group as defined by the Minister in terms of sub-section (1) *bis* of section twenty of the Act;

and on such cancellation the previous holder and all members of his family shall forthwith leave the location unless otherwise authorised to remain therein and deliver the residential permit to the superintendent: Provided that such cancellation shall not affect the right hereby reserved to the Council to recover all rent or other charges due and calculated to the date of such cancellation: Provided further that before a residential permit is cancelled on the grounds set out in sub-paragraph (m) suitable alternative accommodation in a dwelling erected from economic housing funds shall be offered to such holder, in default whereof the superintendent shall, if such holder has paid the prescribed rent in advance for the house in respect of which such permit has been issued, allow such holder to remain in such house.

(3) A holder of a site permit or any grantee who has been given notice in terms of sub-regulation (1) of the cancellation of his site permit or certificate and who has repaid in full the capital and interest of any loan made to him by the Council in terms of regulation 14 shall have the right before the date of coming into operation of such cancellation to dispose of the improvements erected or acquired by him on the site referred to in such permit or certificate to a person approved by the superintendent or to dispose of such improvements to the Council at a price, in default of agreement, to be determined by the Native Commissioner.

Should such permit holder or grantee or the Council be dissatisfied with the Native Commissioner's determination, the Council shall dispose of such improvements or interest in improvements by public auction to a person approved by it. Failing such disposal, such permit holder or grantee may with the approval of the Native Commissioner remove such improvements from such site.

(4) Should any person who has held any site permit or certificate which has been cancelled, fail, neglect or refuse to avail himself of the right set out in this regulation the Council shall acquire or dispose of such holder's interest at a price to be fixed in consultation with the Native Commissioner, and after deducting the amount of any fees due and any expenses incurred, the Council shall pay the balance to such holder: Provided that should the Council and the Native Commissioner be unable to come to an agreement in regard to the price referred to in this sub-regulation, the Council shall dispose of such interest by public auction to a person approved by it.

(5) Any site or residential permit or certificate may be terminated by the holder giving the Council one month's notice in writing of his intention to do so.

(6) As 'n permithouer, of sertifikaathouer in subregulasies (3) en (4) genoem, sterf, het die persoon wat by wet daartoe geregtig is om die boedel van sodanige houer te bereedder, dieselfde regte ingevolge subregulasies (3) en (4) ten opsigte van die verwydering, verkoop of van die hand sit van verbeterings, as sodanige houer.

(7) Wanneer 'n perseel- of woonpermit of sertifikaat aan iemand uitgereik word uit hoofde daarvan dat hy 'n werknemer of verteenwoordiger is van 'n liggaam soos bv. 'n kerk, 'n skool, of die Unieregering, 'n provinsiale administrasie of plaaslike bestuur, en so iemand nie meer daardie amp of betrekking beklee nie, of sterf, kan sodanige permit of sertifikaat ingetrek word en moet so iemand en die lede van sy gesin, en in die geval van die oorlyde van sodanige permithouer of sertifikaathouer, die werknemer of verteenwoordiger en die lede van sy gesin, wanneer hulle 'n kennisgewing waarin dit vermeld word deur die superintendent onderteken, ontvang, uit die perseel trek waarin die werknemer of verteenwoordiger, of die lede voorheen uit hoofde van hulle amp of betrekking gewoon het. Indien sodanige permithouer of sertifikaathouer of 'n gesinslid van hom versuim om binne die tyd in sodanige kennisgewing vasgestel van die perseel weg te trek, kan die Naturellekommissaris, by bewys daarvan dat sodanige kennisgewing gestuur is en van versuim om daaraan gehoor te gee, 'n lasbrief, onder sy hand uitreik waarin enigiemand in sodanige lasbrief vermeld, gelas word om, indien nodig, sodanige perseel met geweld te betree en sodanige persoon of ander persoon wat wederregtelik daar aanbly, uit te sit en goedere en artikels wat aldaar aangetref word en nie die eiendom is van die liggaam by wie sodanige houer werksaam was of van wie hy die verteenwoordiger was nie, te verwyder.

(8) As die houer van 'n perseelpermit of 'n sertifikaathouer ophou om eienaar te wees van die geboue en verbeterings op die perseel in sy permit of sertifikaat genoem, moet die superintendent so 'n permit onverwyld intrek.

(9) As die permithouer of sertifikaathouer ingevolge die bepalings van regulasie 18 uitgesit word, verval sy perseel- of woonpermit of sertifikaat, al na die geval, *ipso facto*.

(10) Indien die houer van 'n perseelpermit of 'n sertifikaathouer insolvent raak of sy boedel oorgemaak word, of daarop beslag gelê word op sy perseel of perseelpermit of sertifikaat, word die perseelpermit of sertifikaat geag ingetrek te wees, en die bepalings van subregulasie (1) is dan *mutatis mutandis* van toepassing, en die superintendent kan namens die Raad, weer besit neem van die persele onderworpe aan die regte van sodanige permit of sertifikaathouer op vergoeding vir verbeterings soos deur die stadsingenieur bereken.

Huurkontrakte.

16. Huurkontrakte uitgereik ingevolge enige van die regulasies by regulasie 3 van hoofstuk 1 herroep en wat op die datum waarop hierdie regulasies afgekondig word nog nie ingetrek is nie, word geag perseel permitte te wees wat ingevolge hierdie regulasies uitgereik is.

Oorlyde van houer van permit of sertifikaat.

17. (1) By ontvangs van kennisgewing van die oorlyde van 'n perseelpermit of 'n sertifikaathouer, moet die superintendent onverwyld die Naturellekommissaris van sodanige sterfgeval verwittig en besonderhede aangaande geboue en bouwerke wat verlang word, verstrek.

(2) By die oorlyde van die persoon in subregulasie (1) van hierdie regulasies genoem verval die permit of sertifikaat *ipso facto*: Met dien verstande dat die oorledene se weduwee, erfgenaam of gesinslid wat nie kragtens hierdie regulasies daarvan weerhou word nie, by die toekenning van die perseel of woning voorkeur geniet. Die bepalings van subregulasie (1) van regulasie 9 is van toepassing ten opsigte van elke oordrag aan sodanige weduwee, erfgenaam of gesinslid. Die onbetaalde saldo van 'n lening wat ingevolge die bepalings van regulasie 14 aan die oorledene toegestaan is, tesame met rente wat daarop opgehoop het, moet ten tyde van die oordrag deur die weduwee, erfgenaam of gesinslid terugbetaal word: Met dien verstande dat die Raad onderworpe aan die bepalings van regulasie 14 'n lening aan die ontvanger kan toestaan wat gelyk is aan sodanige verskuldigde saldo en rente.

(6) In the event of the death of any permit holder or grantee referred to in sub-regulations (3) and (4), the person entitled by law to administer the estate of such holder or grantee shall have the same rights under sub-regulations (3) and (4) in respect of the removal, sale or disposal of improvements as such holder or grantee.

(7) Whenever a site or residential permit or certificate has been issued to anyone by virtue of his being an employee or representative of a body such as a church, a school, or the Union, Provincial or local government, and such person ceases to hold that office or position, or dies, such permit or certificate may be cancelled and such person and the members of his family, and in the case of the death of such permit holder or grantee the employee or representative and the members of his family shall, when required so to do by notice under the hand of the superintendent, quit occupation of the premises in which the employee or representative or the members previously resided by virtue of their office or position. If such permit holder or grantee or a member of his family fails to quit occupation within the time stipulated in such notice, the Native Commissioner, upon proof of service of such notice and of failure to comply therewith, may by warrant under his hand, direct any person named in that warrant to enter by force, if necessary, into or upon the premises and eject such person or any person wrongfully continuing in occupation and to remove therefrom any goods and articles found there not being the property of the body employing such holder or of which he is the representative.

(8) If the holder of a site permit or a grantee ceases to be the owner of the buildings and improvements on the site mentioned in his permit or certificate, the superintendent shall cancel such permit forthwith.

(9) If a permit holder or grantee be ejected under the provisions of regulation 18, his site or residential permit or certificate as the case may be, shall lapse *ipso facto*.

(10) In the event of the insolvency of the holder of a site permit or of a grantee, or the assignment of his estate, or the attachment of his premises or site permit or certificate, the site permit or certificate shall be deemed to have been cancelled and the provisions of sub-regulation (1) shall *mutatis mutandis* apply and the superintendent may, on behalf of the Council, resume possession of the premises, subject to the rights of such holder or grantee to compensation for improvements as assessed by the town engineer.

Leases.

16. Leases issued in terms of any of the regulations revoked by regulation 3 of Chapter 1 and not yet cancelled on the day of the publication of these regulations, shall be deemed to be site permits issued in terms of these regulations.

Death of Permit Holder or Grantee.

17. (1) On receipt of notification of the death of the holder of a site permit or a grantee, the superintendent shall forthwith notify the Native Commissioner of such death and shall furnish such particulars of any buildings or erection as may be required.

(2) On the death of the person mentioned in sub-regulation (1) of this regulation the permit or certificate shall lapse *ipso facto*: Provided that the deceased's widow, heir or member of his family, who is not ineligible under these regulations shall have a preferent claim to allotment of the site or dwelling. The provisions of sub-regulation (1) of regulation 9 shall apply in respect of every transfer to such widow, heir or member of the family. Any outstanding balance of a loan granted to the deceased in terms of regulation 14 together with any interest that may have accrued shall be repaid by the widow, heir or member of the family at the date of transfer: Provided that the Council may, subject to the provisions of regulation 14, grant a loan to the transferee equal to such outstanding balance and interest.

(3) In die geval van die oorlyde van die houer van 'n boupersceelpermit, kan die superintendent, indien daar reeds 'n aanvang gemaak is met die bouwerk op die perseel, die permit aan die erfgenaam van die afgestorwene oordra, mits sodanige erfgenaam voldoen aan die vereistes in subregulasies (2) van regulasie 6 vermeld.

Uitsetting by wanbetaling.

18. (1) As enigeen in gebreke bly om 'n bedrag te betaal, waarvoor hy ingevolge die bepalinge van hierdie hoofstuk aanspreeklik is, voor of op die 7de dag van die maand waarin dit verskuldig en betaalbaar is, en as sodanige bedrag na die 7de dag van die maand betaal moet word, dan voor of op die 7de dag van die volgende maand, kan die superintendent nadat hy een maand skriftelik kennis aan so iemand gegee het van sy voorneme om dit te doen, 'n permit of sertifikaat wat aan so iemand uitgereik is om in die lokasie te wees of te woon intrek met ingang van die datum in bedoelde kennisgewing uiteengesit en hom gelas om, tesame met die lede van sy gesin, die lokasie onverwyld te verlaat. 'n Hof wat enigiemand ingevolge paragraaf (u) van regulasie 49 skuldig bevind omdat hy nie gevolg gegee het aan sodanige lasgewing nie, kan, benewens enige ander straf wat opgelê word, 'n bevel uitvaardig vir die uitsetting van so iemand uit die lokasie.

(2) As 'n geregistreerde bewoner ingevolge die bepalinge van subregulasie (1) uitgesit word, het die Raad die reg om enige verbeterings of eiendom op die perseel, wat aan sodanige geregistreerde bewoner behoort, te verkoop en nadat die bedrag wat deur die geregistreerde bewoner verskuldig is en redelike koste afgetrek is van enige bedrag wat by sodanige verkoop opgebring is, moet die saldo, as daar is, aan die persoon wat aldus uitgesit is, oorhandig word: Met dien verstande dat die Raad minstens veertien dae vooraf kennis moet gee van sy voorneme om hierdie reg uit te oefen deur sodanige kennisgewing aan die geregistreerde bewoner uit te reik, of, as sy verblyfplek onbekend is, deur 'n afskrif van die kennisgewing op die voordeur van die woning of kamer wat laas deur hom bewoon is, te laat aanplak.

Besoekerspermitte.

19. (1) Iedereen wat die lokasie tydelik wil binnegaan of tydelik daarin wil wees of bly, moet 'n besoekerspermit van die superintendent verkry of van 'n ander persoon wat behoorlik deur die superintendent gemagtig is om tydens sy afwesigheid enige sodanige permit uit te reik.

(2) Iedereen wat sonder 'n besoekerspermit in die lokasie gevind word, kan deur die superintendent of 'n beampde wat deur hom gemagtig is, gelas word om die lokasie onverwyld te verlaat.

(3) 'n Hof wat iemand ingevolge paragraaf (m) van regulasie 49 skuldig bevind, kan, benewens enige ander straf wat hy opleë, 'n bevel uitvaardig vir die uitsetting van so iemand uit die lokasie.

(4) Die drywer van 'n voertuig, wat die lokasie wil binnekom, moet voordat hy binnekom, by die superintendent aansoek doen om toestemming om daarin te kom, te wees of te bly tensy hy reeds sodanige toestemming het.

(5) Die bepalinge van hierdie regulasie is nie van toepassing nie op enigeen wat by wet gemagtig is om in die lokasie te woon of op 'n lid, beampde of werknemer van die Raad of 'n gemagtigde beampde of lid van die Suid-Afrikaanse Polisie by die wettige uitvoering van sy plig, of op enige geneesheer, of predikant van 'n kerk wat daar die Staat erken word, by die wettige uitoefening van sy beroep, of op enigeen wat by wet of kragtens wettige magtiging die lokasie moet binnegaan of daarin moet wees of bly: Met dien verstande dat waar sodanige predikant op 'n perseel woon of gaan woon, wat aan die kerk waarvan hy behoort toegeken of verhuur is, die bepalinge van subregulasie (1) van regulasie 20 ten opsigte van bedoelde predikant van toepassing is.

(6) Die bewyslas van sy reg om in die lokasie te wees berus op enigeen wat in die lokasie aangetref word.

(3) In the event of the death of a holder of a building site permit the superintendent may, if building operations have been commenced on the site, transfer the permit to the heir of the deceased holder, provided such heir possesses the qualifications mentioned in sub-regulation (2) of regulation 6.

Ejection on Default.

18. (1) Any person who fails to pay any sum for which he is liable in terms of the provisions of this Chapter on or before the 7th day of the month in which it becomes due and payable, and if such liability arises after the 7th day of the month, on or before the 7th day of the following month, the superintendent may, after he has given one month's written notice to such person of his intention so to do, cancel a permit or certificate issued to such person to be or reside in the location as from the date stipulated in the notice concerned and order him, together with the members of his family, to leave the location forthwith. A Court convicting any person under paragraph (u) of regulation 49 for failing to comply with such order may, in addition to any other penalty which may be imposed, make an order for the ejection of such person from the location.

(2) If any registered occupier is ejected in terms of the provisions of sub-regulation (1), the Council shall be entitled to dispose of any improvements or property belonging to such registered occupier on the site and, after the amount owing by the registered occupier and reasonable costs have been deducted from any amount realised by such disposal, the balance, if any, shall be handed to the person so ejected: Provided that the Council shall give at least 14 days' notice of its intention to exercise this right by serving such notice on the registered occupier, or, if his whereabouts are unknown, by affixing a copy thereof to the main door of the dwelling or room which was occupied by him.

Visitor's Permits.

19. (1) Any person who desires to enter, be or remain temporarily in the location shall obtain a visitor's permit, from the superintendent or from any other person duly authorised by the superintendent to issue any such permit in his absence.

(2) Any person found within the location without a visitor's permit may be ordered by the superintendent or any official authorised by him, to leave the location forthwith.

(3) A Court convicting any person under paragraph (m) of regulation 49 may, in addition to any other penalty which it may impose, make an order for the ejection of such person from the location.

(4) The driver of any vehicle desiring to enter the location shall, before entering, apply to the superintendent for permission to enter, be or remain therein unless he already has such permission.

(5) The provisions of this regulation shall not apply to any person authorised by law to reside in the location, or to any member, official or employee of the Council or an authorised officer or any member of the South African Police in the lawful execution of his duty, or to any medical practitioner, or minister of religion belonging to a church recognised by the Government, in the lawful following of his profession, or to any person by law or lawful authority required to enter, be or remain in the location: Provided that where such minister of religion resides or is to reside on a site allotted or leased to the church to which he belongs, the provisions of sub-regulation (1) of regulation 20 shall apply in respect of such minister of religion.

(6) The onus of proof of his right to be in the location shall be upon any person found in that location.

Loseerderspermit.

20. (1) Niemand, behalwe die houer van 'n perseelpermit, of die houer van 'n woonpermit, of sertifikaat of die gesin van sodanige houer, mag in die lokasie woon nie, tensy hy eers 'n permit, hierna 'n loseerderspermit genoem, verkry het nie.

(2) As die superintendent daarvan oortuig is dat die applikant—

- (a) 'n geskikte persoon is om in die lokasie te woon;
- (b) bona fide in diens binne die stadsgebied is of 'n wettige ambag daarin uitoefen;
- (c) wettiglik toegelaat is om die stadsgebied binne te kom, daar te wees en daar te bly;
- (d) nie geweier het om huisvesting in 'n woning of tehuis of ander huisvesting deur die Raad verskaf en aan hom aangebied, aan te neem nie;
- (e) huisvesting verkry het wat goedgekeur is;
- (f) indien hy daarvoor aanspreeklik is, die gelde wat in regulasie 46 voorgeskryf word, vooruitbetaal het;
- (g) nie iemand is op wie die beperkings ingevolge artikel vyf van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet No. 44 van 1950) opgelê is nie;

moet hy aan sodanige applikant 'n loseerderspermit uitreik, met dien verstande dat—

- (i) waar 'n man en sy vrou op dieselfde perseel woon, slegs een loseerderspermit aan die man uitgereik hoef te word;
- (ii) daar van geen loseerder se ongetroude kind onder die ouderdom van 21 jaar, wat by sy ouer of ouers woon vereis word dat hy 'n loseerderspermit moet hê nie; en
- (iii) in enige spesiale geval waar die applikant weens hoë ouderdom, gebreklikheid, of dergelike ongeskiktheid nie aan die vereistes van paragraaf (b) of (f) kan voldoen nie, die superintendent na goeddunke die uitreiking of hernuwing van 'n loseerderspermit kan magtig asof die vereistes van genoemde paragrawe wel nagekom is.

(3) Elke loseerderspermit wat uitgereik is voor die afkondiging van hierdie regulasie ingevolge enige van die regulasies by regulasie 3 van Hoofstuk 1 herroep, verval op die laaste dag van die maand wat op sodanige afkondiging volg en kan daarna op die hierna voorgeskrewe wyse hernuwe word asof dit ingevolge hierdie regulasie uitgereik is.

(4) Elke loseerderspermit wat ooreenkomstig die bepaling van subregulasie (2) uitgereik is, verval op die laaste dag van die kalendermaand waarin dit uitgereik is.

(5) Elke loseerderspermit kan hernuwe word as daar binne drie dae na die vervaldatum aansoek gedoen word by die superintendent, wat, as hy daarvan oortuig is dat die applikant voldoen aan die voorwaardes wat in paragrawe (a) tot en met (g) van subregulasie (2) uiteengesit is, sodanige loseerderspermit moet hernuwe. 'n Permit aldus hernuwe, verval op die laaste dag van die maand waarin dit hernuwe is.

(6) Op elke loseerderspermit moet aangetoon word—

- (a) die naam van die houer;
- (b) die name van enige kinders onder die ouderdom van 21 jaar van sodanige houer en die ouderdomme van sodanige kinders;
- (c) die naam van die houer van die perseel- of woonpermit of sertifikaat wat gemagtig is om die houer van sodanige loseerderspermit en sy kinders wat daarin vermeld word, te huisves; en
- (d) die nommer van die perseel of woning waar die houer van sodanige loseerderspermit en sy kinders wat daarin vermeld word, gehuisves is:

Met dien verstande dat waar dit van 'n vrou wat saam met haar man woon, verwag word om 'n loseerderspermit te verkry, die name van die kinders genoem in paragraaf (b) slegs in die man se loseerderspermit aangeteken word.

(7) Geen houer van 'n loseerderspermit mag op enige ander perseel of in enige ander woning as die wat in sy loseerderspermit aangedui word, woon nie.

Lodger's Permit.

20. (1) No person other than the holder of a site permit, or the holder of a residential permit or a grantee, or the family of such holder or grantee shall reside in the location unless he has first obtained a permit, hereinafter named a lodger's permit.

(2) The superintendent on being satisfied that the applicant—

- (a) is a fit and proper person to reside in the location;
- (b) is *bona fide* employed or is carrying on some lawful trade within the urban area;
- (c) is lawfully permitted to enter, be and remain in the urban area;
- (d) has not refused to accept accommodation in a dwelling or hostel, or other accommodation provided by the Council and offered to him;
- (e) has obtained approved accommodation;
- (f) if liable therefor, has paid in advance the fees prescribed in regulation 46;
- (g) is not a person on whom the restrictions in terms of section five of the Suppression of Communism Act, 1950 (Act No. 44 of 1950), have been imposed;

shall issue to such applicant a lodger's permit: Provided that—

- (i) where a man and his wife reside on the same site, only one lodger's permit need be issued to the man;
- (ii) no unmarried child of a lodger, under the age of 21 years residing with its parent or parents shall be required to hold a lodger's permit; and
- (iii) in any special case where the applicant, by reason of old age, infirmity or similar incapacity, is unable to satisfy the requirements of paragraphs (b) or (f), the superintendent may in his discretion authorise the issue or renewal of a lodger's permit, as if the requirements of the said paragraphs had been satisfied.

(3) Every lodger's permit issued before the promulgation of this regulation under any of the regulations revoked by regulation 3 of Chapter I shall expire on the last day of the month following such promulgation and may thereafter be renewed in the manner provided hereinafter as though it had been issued in terms of this regulation.

(4) Every lodger's permit issued in accordance with the provisions of sub-regulation (2) shall expire on the last day of the calendar month in which it was issued.

(5) Every lodger's permit may within three days of the date of expiry be renewed on application to the superintendent who, if he is satisfied that the conditions set out in paragraphs (a) up to and including (g) of sub-regulation (2) are fulfilled, shall renew such lodger's permit. Any permit so renewed shall expire on the last day of the month in which it is renewed.

(6) Every lodger's permit shall show therein—

- (a) the name of the holder thereof;
- (b) the names and ages of any children under the age of 21 years of such holder;
- (c) the name of the site or residential permit holder or grantee authorised to accommodate the holder of such lodger's permit and his children mentioned therein; and
- (d) the number of the site or dwelling where the holder of such lodger's permit and his children mentioned therein are accommodated: Provided that where a wife residing with her husband is required to obtain a lodger's permit, the names of any children referred to in paragraph (b) shall be shown in the husband's lodger's permit only.

(7) No holder of a lodger's permit shall reside at any site or dwelling other than that shown in his lodger's permit.

(8) Waar 'n lid van 'n gesin genoem in 'n loseerders-permit die ouderdom van 21 jaar bereik sal die superintendent die reg hê om hom as 'n lid van daardie gesin te skrap en van hom word dan verwag om 'n loseerders-permit in sy eie naam uit te neem.

(9) Die superintendent mag nie 'n loseerders-permit uitreik nie, tensy die houer van die perseel- of woonpermit of sertifikaat ten opsigte van wie se perseel so 'n loseerders-permit uitgereik gaan word met die uitreiking daarvan instem nie.

(10) Die houer van 'n woon- of perseelpermit of sertifikaat, ten opsigte van wie se perseel 'n loseerders-permit uitgereik is, moet onmiddellik aan die superintendent rapporteer wanneer die loseerder nie meer in sy woning of op sy perseel woon nie.

(11) Niemand mag iemand wat nie 'n geldige loseerders-permit het wat uitgereik is ten opsigte van sy perseel of gebou in die lokasie huisves of toelaat, of duld dat hy op 'n perseel of in 'n woning of plek onder sy beheer woon nie, tensy so iemand andersins ingevolge hierdie regulasies gemagtig is om op so 'n perseel of in so 'n woning of plek te woon.

(12) 'n Loseerders-permit is nie oordraagbaar nie en verval en word *ipso facto* ingetrek, as die houer daarvan verander van woonplek soos in bedoelde permit vermeld, of by intrekking, vervalling of beëindiging van die onderskeie perseelpermit of sertifikaat.

Permitte onderteken te word.

21. Elke geregistreerde bewoner aan wie 'n permit of sertifikaat ingevolge hierdie regulasies uitgereik word, moet sodanige permit of sertifikaat en die ooreenstemmende teenblad onderteken of, as hy nie kan skryf nie, die afdruk van sy linkerduim op sodanige permit of sertifikaat en teenblad plaas. Totdat die geregistreerde bewoner die permit of sertifikaat onderteken of die afdruk van sy duim soos in hierdie regulasie bepaal daarop geplaas het, word die permit of sertifikaat beskou as nie uitgereik nie.

Verlore of vermiste dokumente.

22. As 'n perseel-, woon- of loseerders-permit of 'n sertifikaat verlore raak of vernietig, gesteel of geskend word, kan die persoon aan wie so 'n permit of sertifikaat uitgereik is om 'n afskrif daarvan aansoek doen by die superintendent wat, indien hy daarvan oortuig is dat sodanige permit of sertifikaat verlore geraak het of vernietig of geskend is, teen betaling van die bedrag in regulasie 46 uiteengesit, 'n duplikaat van sodanige permit of sertifikaat aan die applikant uitreik.

Lokasieregister.

23. (1) Die superintendent moet 'n register, hierna die register van bewoners genoem, hou.

(2) Die superintendent moet in die register van bewoners die naam en volledige besonderhede aanteken van elke persoon aan wie 'n perseel-, woon- of loseerders-permit of sertifikaat ooreenkomstig hierdie regulasies uitgereik is asook die name van al die ander persone wat ingevolge hierdie regulasies kragtens 'n perseel-, woon- of loseerders-permit of sertifikaat in die lokasie mag woon. Die voorkoms van 'n persoon se naam in die register van bewoner is *prima facie* bewys van die reg wat sodanige persoon het om in die lokasie te woon en om daar te wees.

Opgawe van bevolking.

24. 'n Opgawe van die bevolking van die lokasie moet van tyd tot tyd, al na die Raad besluit, deur die bestuurder by die Raad ingedien word.

Inligting wat moet verstrekk word.

25. (1) Die bestuurder, superintendent of sy assistent kan vereis dat enigeen op versoek—

- (i) sy volle naam of adres moet verstrek;
- (ii) bewys moet lewer van sy reg om in die lokasie te wees; en
- (iii) alle relevante dokumente vir die doel moet voorlê.

(2) Elke bewoner moet op versoek van die bestuurder, superintendent of sy assistent, benewens die bepalings van subregulasie (1) sodanige inligting verstrekk as wat hy verlang.

(8) Where a member of a family mentioned in a lodger's permit reaches the age of 21 years the superintendent shall have the right to cross him out as a member of that family and he shall then be required to obtain a lodger's permit in his own name.

(9) The superintendent shall not issue a lodger's permit unless the holder of the site or residential permit or a grantee in respect of whose site such lodger's permit is about to be issued has consented to the issue thereof.

(10) The holder of a residential or site permit or a grantee in respect of whose site a lodger's permit has been issued shall forthwith report to the superintendent when the lodger ceases to reside in his dwelling or on his site.

(11) No person shall in the location harbour or permit or allow to reside on a site or in a dwelling or place under his control any person not in possession of a current lodger's permit issued in respect of his site or building, unless such person is otherwise in terms of these regulations allowed to reside on such a site or in such a dwelling or place.

(12) A lodger's permit shall not be transferable and shall lapse and be *ipso facto* cancelled upon the holder thereof changing his residence as specified in the permit concerned, or on cancellation, expiry or termination of the respective site permit or certificate.

Permits to be Signed.

21. Every registered occupier to whom any permit or certificate shall be issued or granted in terms of these regulations shall sign such permit or certificate and the corresponding counterfoil, or in the event of his being unable to write, shall affix his left thumb print to such permit or certificate and counterfoil. Until the registered occupier has signed the permit or certificate or affixed his thumb print as provided in this regulation, the permit or certificate shall be deemed not to have been issued or granted.

Lost or Destroyed Documents.

22. In the event of a residential, site or lodger's permit or certificate being lost, destroyed, stolen or mutilated, the person to whom such permit or certificate was issued or granted may apply for a copy thereof to the superintendent who, if he is satisfied that such permit or certificate is lost, destroyed or mutilated, shall issue to the applicant a duplicate thereof on payment of the fee prescribed in regulation 46.

Location Register.

23. (1) The superintendent shall keep a register, herein-after referred to as the register of occupiers.

(2) The superintendent shall enter in the register of occupiers the name and full particulars of every person to whom a site, residential or lodger's permit or certificate has in accordance with these regulations been issued as well as the names of all other persons who may in accordance with these regulations reside in a location in terms of a site, residential or lodger's permit or certificate. The appearance of any person's name in the register of occupiers shall be *prima facie* proof of such person's right to reside and be in the location.

Population Return.

24. The manager shall from time to time, as the Council may decide, submit to the Council a return of the population of the location.

Information to be Furnished.

25. (1) The manager, superintendent or his assistant may require that any person on request—

- (i) furnish his full name or address;
- (ii) furnish proof of his right to be in the location; and
- (iii) submit all relevant documents for this purpose.

(2) Every occupier shall, in addition to the provisions of sub-regulation (1), on request of the manager, superintendent or his assistant, furnish such information as he may require.

Openbare vergaderings, byeenkomste en vermaaklikhede.

26. (1) Behoudens die bepalings van enige ander Wet moet enigeen wat voornemens is om 'n openbare vergadering of byeenkoms van persone te belê of toe te spreek, die skriftelike toestemming van die superintendent minstens 48 uur voor sodanige vergadering of byeenkoms verkry.

(2) Geen openbare vergadering of vermaaklikheid mag later as 11 nm. sonder die goedkeuring van die superintendent voortgesit word nie; ook mag geen openbare vergadering of vermaaklikheid later as die verlengde tyd waartoe die superintendent sy toestemming verleen het, voortgesit word nie.

(3) Niemand mag sonder die voorafverkreë skriftelike goedkeuring van die superintendent van die persone wat by 'n openbare vergadering of byeenkoms aanwesig is, geld, uitgesonderd vir *bona fide* kerkdoeleindes, kollekteer nie.

(4) Indien daar redelike grond bestaan om te vermoed dat die hou van 'n vergadering of byeenkoms 'n rusverstorend kan veroorsaak of in die hand kan werk, kan sodanige vergadering of byeenkoms, met die spesiale goedkeuring van die magistraat verleen na oorlegpleging met die plaaslike polisiebeampte en amptenaar van die Raad wat ingevolge subartikel (1) van artikel twee-en-twintig van die Wet gelisensieer is, verbied word.

(5) Geen bepaling in hierdie regulasie vervat, is op 'n vergadering of byeenkoms vir *bona fide* kerkdoeleindes van toepassing nie.

Openbare rusverstorend.

27. Niemand mag in 'n straat, pad of openbare plek of in 'n private woning of perseel binne die lokasie, die openbare rus verstoer deur te skreeu, rusie te maak, te twis, te vloek of vuil, skeldende, beledigende of dreigende taal te gebruik of deur onbetaamlike, wanordelike of gewelddadige gedrag nie.

Belemmering van werk van beamptes.

28. Niemand mag die superintendent of 'n ander werknemer van die Raad of 'n amptenaar ingevolge subartikel (1) of (3) van artikel twee-en-twintig van die Wet aanstel, by die uitvoering van sy plig hinder nie.

Belemmering van verkeer en persone.

29. Niemand mag in 'n straat, pad of openbare plek binne die lokasie sit, lê, staan, slenter of vergader of op 'n ander wyse sodanige straat, pad of openbare plek versper sodat die verkeer belemmer word of teen iemand wat van sodanige straat, pad of openbare plek wettiglik gebruik maak, stamp of so 'n persoon andersins lastig val nie.

Onbetaamlikheid.

30. Niemand mag op 'n straat of ander openbare plek of in die gesig daarvan sy geslagsdele blootstel nie.

Aanhouding op straat.

31. Niemand mag, vir die doel van prostitutie of bedelary in of naby 'n straat of in 'n ander plek op watter wyse ook al talm of iemand anders aanspreek of lastig val nie.

Ontlasting of urineren in straat.

32. Niemand mag homself ontlast of urineer in 'n straat, pad, deurgang, sygaard, voetpad, oop ruimte of openbare plek of voor iemand wat sodanige plek of plekke gebruik, op 'n ander plek as in die behoorlike waarvoor daar in 'n latrine of urineer voorsiening gemaak is nie.

Heinings.

33. Niemand mag, tensy hy deur die Raad daartoe gemagtig is, op, onder of oor of deur 'n hek, heining, muur of tralie (wat die eiendom van die Raad is) in of om die lokasie, klim of deur 'n ander in of uitgang as 'n goedgekeurde in- en uitgang binnekom of uitgaan nie.

Slag van vee.

34. Niemand mag 'n dier op 'n ander plek as wat vir die doel deur die Raad goedgekeur is en ooreenkomstig die Raad se verordeninge is, slag nie.

Beskadiging of verwydering van heinings, hekke en mure.

35. Niemand mag sonder die goedkeuring van die Raad 'n hek, heining, muur of tralie (wat die eiendom van die Raad is) om of binne die lokasie, beskadig of verwyder nie.

Public Meetings, Assemblies and Entertainments.

26. (1) Subject to the provisions of any other Act any person who proposes to convene or address a public meeting or assembly of persons shall obtain the written permission of the superintendent at least 48 hours before such meeting or assembly.

(2) No public meeting or entertainment shall be continued later than 11 p.m. without the approval of the superintendent, nor shall any public meeting or entertainment be continued later than any extended time to which permission has been granted by the superintendent.

(3) No person shall, without the prior written approval of the superintendent, collect any money for other than bona fide church purposes from the persons present at any public meeting or assembly.

(4) If there be reasonable grounds for believing that the holding of any meeting or assembly might provoke or tend to a breach of the peace, such meeting or assembly may with the special approval of the magistrate given after reference to the local police officer and an officer of the Council licensed under sub-section (1) of section twenty-two of the Act, be prohibited.

(5) Nothing in this regulation contained shall apply to any meeting or assembly for bona fide church purposes.

Disturbance of the Public Peace.

27. No person shall in any street, road or public place or in any private dwelling or premises within the location, disturb peace by shouting, wrangling, quarrelling, swearing or by using obscene, abusive, insulting or threatening language, or by unseemly, disorderly or violent behaviour.

Obstruction of the Work of Officials.

28. No person shall obstruct the superintendent or any other employee of the Council or an official appointed in terms of sub-section (1) or (3) of section twenty-two of the Act, in the execution of his duty.

Obstruction of Traffic and Persons.

29. No person shall sit, lie, stand, loiter or congregate in, or in any other manner encumber any street, road or public place within the location so as to obstruct traffic or to jostle or otherwise to interfere with any person lawfully using such street, road or public place.

Indecency.

30. No person shall expose his private parts in any street or other public place or in sight thereof.

Soliciting.

31. No person shall in or near any street or in any other place in any way loiter or solicit or importune any other person for the purpose of prostitution or mendicancy.

Defecating or Urinating in Streets.

32. No person shall defecate or urinate in any street, road, lane, sidewalk, foot path, open space or public place or in sight of any person using such place or places other than the proper place provided for the purpose, in the lavatory or urinal.

Fences.

33. No person shall, unless he is authorised thereto by the Council, climb on to, under or over or through any gate, fence, wall or railing (being the property of the Council) in or around the location, or enter or leave otherwise than through some authorised means of ingress or egress.

Slaughtering of Stock.

34. No person shall slaughter any animal other than at a place approved by the Council for the purpose and in accordance with the Council's by-laws.

Damage to, or Removal of Fences, Gates and Walls.

35. No person shall without the approval of the Council damage or remove any gate, fence, wall or railing (being the property of the Council) enclosing or within the location.

Beskadiging van bome en eiendom van die Raad.

36. Niemand mag wederregtelik 'n boom, heg, pad, gebou, oprigting of pyp, vuillisbak of ander toebehore of toestel wat die eiendom van die Raad is, beskadig of vernietig of hom bemoei met 'n water-, elektriese of rioleringsinstallasie nie.

Beheer oor spele en vermaaklikheid.

37. (1) Niemand mag enige spel, dobbelary of vermaaklikheid wat uit die aard daarvan moontlik 'n stoornis kan veroorsaak of die bewoners of beamptes tot oorlas kan wees of aanstoot kan gee, of wat onbetaamlik is of wat die sedelike gedrag kan ondermyn, bestuur of voortsit nie.

(2) Niemand mag met kaarte, dobbelstone, muntstukke of hasard of kansspeligereedskap dobbel nie.

(3) Geen geregistreerde bewoner mag enige spel, dobbelary of vermaaklikheid in subregulasies (1) of (2) vermeld op die perseel in sy perseel of woonpermit of sertifikaat genoem toelaat nie.

Putte en uitgrawings.

38. (1) Niemand mag 'n put uitgrawe, 'n uitgraving maak of 'n gat grawe sonder die skriftelike toestemming van die superintendent nie.

(2) By die verleen van sodanige toestemming kan die superintendent sodanige voorwaardes stel as wat hy wenslik ag.

Wasplekke.

39. (1) Die Raad kan een of meer plekke in die lokasie afsonder waar die inwoners klere kan was, en dit is die plig van alle persone wat sodanige plekke binnegaan, om dit in 'n skoon en higiëniese toestand te hou.

(2) Die Raad is geregtig daarop om die gebruik van water vir enige doeleinde behalwe vir tuisverbruik, te belet of aan bande te lê.

Vuilgoedbakke.

40. (1) Sodra die houer sy perseel betrek, verskaf die Raad aan hom 'n bak waarin alle huishoudelike vuilgoed gegooi moet word. Met dien verstande dat die Raad volgens goeddunke een bak vir twee woonhuise op aangrensende persele kan verskaf. Indien dit nodig word om die bak te vervang, behalwe as gevolg van redelike slytasie, kan die Raad die koste van die vervanging op die betrokke houer verhaal.

(2) Die Raad laat alle afval, vuilgoed of ander rommel wat geplaas word in blikke wat ingevolge hierdie regulasies verskaf word met gereelde tussenpose soos voorgeskryf deur die mediese beampte, verwyder en op 'n plek of plekke wat hy goedkeur, weggooi.

Watervoorsiening en gesondheidsdienste.

41. (1) Die Raad moet 'n genoegsame voorraad skoon water verskaf op geskikte plekke binne die lokasie.

(2) Die Raad moet sorg dat alle wonings in die lokasie wat deur hom opgerig of verkry is, voorsien word van 'n latrine van die soort wat deur die Unie-departement van Gesondheid goedgekeur is en elke houer van 'n perseelpermit wat 'n woning in die lokasie opgerig of verkry het, op die perseel deur hom verkry, tensy dit alreeds gedoen is, 'n latrine van die soort wat deur die Unie-departement van Gesondheid goedgekeur is, verskaf.

(3) Waar die soort latrine wat opgerig is dit vereis, moet die Raad 'n doeltreffende en bevredigende verwyderingsdiens instel.

(4) Die bewoner van 'n woning of ander gebou in die lokasie moet die latrine wat ten opsigte van sodanige woning of ander gebou verskaf word, in 'n skoon en higiëniese toestand hou.

(5) Met die spesiale goedkeuring van die Unie-departement van Gesondheid kan die Raad, in plaas van die sanitêre geriewe in subregulasie (2) genoem, die lokasie voorsien van voldoende en bevredigende gemeenskaplike sanitêre geriewe, van die soort deur die Unie-departement van Gesondheid goedgekeur, vir die afsonderlike gebruik deur die twee geslagte van persone wat in die lokasie woon, en die Raad moet sodanige geriewe in 'n skoon en higiëniese toestand hou.

(6) Geen manskopsonde mag gebruik maak van enige sanitêre geriewe wat uitsluitlik vir die gebruik van vroulike persone verskaf is nie, en geen vroulike persoon mag gebruik maak van enige sanitêre geriewe wat uitsluitlik

Damaging of Trees and Council Property.

36. No person shall unlawfully damage or destroy any tree, hedge, road, building, erection, or pipe, refuse receptacle, or other fitting or appliance which is the property of the Council nor shall he interfere with any water, electrical or sewerage installation.

Control of Games and Entertainments.

37. (1) No person shall conduct or carry on any game, gambling or entertainment which, from its character, is likely to create a disturbance or be a nuisance or annoyance to the residents or officials or be indecent or subversive of good morals.

(2) No person shall gamble with cards, dice, coin or instrument of hazard or any game of chance.

(3) No registered occupier shall permit any game, gambling or entertainment referred to in sub-regulation (1) or (2) to take place on the premises mentioned in his site or residential permit or certificate.

Wells and Excavations.

38. (1) No person shall sink any well, make any excavation or dig any hole without the written permission of the superintendent.

(2) In giving such permission the superintendent may attach such conditions thereto as he may deem fit.

Wash Places.

39. (1) The Council may set apart one or more places in the location where the inhabitants may wash clothes and it shall be the duty of every person who enters such places to keep it in a clean and sanitary condition.

(2) The Council shall have the right to prohibit or curtail the use of water for any purposes other than domestic use.

Refuse Receptacles.

40. (1) As soon as the holder moves into his site the Council furnishes him with a receptacle into which all domestic refuse shall be deposited: Provided that the Council may as it deems fit supply one receptacle for two dwellings on adjoining sites. If it becomes necessary to replace the receptacle the Council may, except in the case of fair wear and tear, recover the cost of replacement from the holder concerned.

(2) The Council shall remove all litter, filth or other rubbish deposited in the receptacles provided in accordance with these regulations at regular intervals to be prescribed by the medical officer, and deposited at a place or places as may be approved by him.

Water Supply and Health Services.

41. (1) The Council shall provide a sufficient supply of pure water at convenient places in the location.

(2) The Council shall cause every dwelling erected or acquired by it in the location to be provided with a latrine of a type approved by the Union Department of Health, and every site permit holder who has erected or acquired a dwelling in the location shall provide on the site acquired by him, unless that has already been done, latrine accommodation of the type approved by the Union Department of Health.

(3) The Council shall institute, where the type of latrine installed requires it, an efficient and satisfactory sanitary removal service.

(4) The occupier of any dwelling or other building in the location, shall be responsible for the maintenance in a clean and hygienic state of latrine accommodation provided in respect of such dwelling or other building.

(5) The Council may, with the special approval of the Union Department of Health, provide in the location in lieu of the sanitary accommodation mentioned in sub-regulation (2) sufficient and satisfactory communal sanitary accommodation of a type approved by the Union Department of Health for the separate use of the members of each sex of persons residing in the location and shall maintain such accommodation in a clean and hygienic condition.

(6) No male person shall use any sanitary accommodation provided for the exclusive use of female persons and no female person shall use any sanitary accommodation provided for the exclusive use of male persons and no

vir die gebruik van manskapers verskaf is nie, en niemand mag enige gemeenskaplike sanitêre geriewe gebruik op 'n wyse wat die plek vuil en onhygiënies kan maak nie.

Aansteeklike siektes moet aangemeld word.

42. Ingeval 'n persoon in die lokasie aan 'n aansteeklike of besmetlike siekte ly, moet die houer van die perseel- of woonpermit of sertifikaat ten opsigte van die woning waarin sodanige persoon woon of aangetref word, of ingeval van sy afsterwe of ongeskiktheid, die oudste volwasse bewoner van sodanige woning, dadelik die naam van sodanige persoon en alle ander feite waarvan hy kennis dra, by die superintendent aanmeld.

Mediese beampte of assistent kan perseel betree.

43. Die mediese beampte of sy gemagtigde assistent kan te eniger tyd enige hut of woning of gebou in die lokasie binnegaan en alle persone daarbinne wat vermoedelik aan 'n aansteeklike of besmetlike siekte ly of aan sodanige aansteeking of besmetting blootgestel was, ondersoek en enige persoon wat by die mediese beampte of sy gemagtigde assistent die indruk wek dat hy aan enige aansteeklike siekte ly of aan besmetting daarvan blootgestel was, kan op las van die mediese beampte verwyder word na sodanige plek binne of buite sodanige lokasie as wat die Raad aangewys het vir opneming van sodanige persoon, en kan deur 'n soortgelyke bevel daar aangehou word totdat hy, volgens die mening van die mediese beampte, vry van besmetting is.

Superintendent en inspekteur het reg of toegang.

44. 'n Amptenaar wat kragtens subartikel (1) of (3) van artikel twee-en-twintig van die Wet aangestel is, kan op 'n redelike tyd, met inagneming van die gerief van die bewoners, 'n woning in die lokasie vir inspeksiedoeleindes binnegaan.

Geboortes en sterfgevälle moet aangemeld word.

45. Die houer van 'n perseel- of woonpermit of sertifikaat ten opsigte van 'n woning waarin 'n geboorte of sterfgeval plaasvind, of, in geval van sy afsterwe of ongeskiktheid, die oudste volwasse inwoner in sodanige woning, moet onverwyld sodanige geboorte of sodanige sterfgeval by die superintendent aanmeld en aan hom al die vereiste besonderhede verstrek wat nodig is vir die behoorlike invul van die lokasie-register.

Tarief van huurgelde en vorderings.

46. (1) Elke geregistreerde bewoner of 'n ander bewoner van die lokasie, of elkeen wat aanspreeklik is vir die uitneem van 'n permit of sertifikaat moet by die kantoor van die superintendent aan die Raad ten opsigte van huur, water-, gemeenskaplike sanitêre-, gesondheids-, geneeskundige en ander dienste deur die Raad gelewer, sodanige van die gelde hieronder uiteengesit as wat van toepassing is, voor of op die sewende dag van elke maand vooruitbetaal:—

(a) deur die houer van 'n perseelpermit of enigeen wat die houer van sodanige permit moet wees, maandeliks: 14s.

(b) deur die houer van 'n woonpermit of enigeen wat die houer van sodanige permit moet wees, maandeliks:—

	Betaalbaar deur persone wat binne die sub-ekonomiese groep val. s. d.	Betaalbaar deur persone wat nie binne die sub-ekonomiese groep val nie. s. d.
(i) Klas A-huise (twee-kamerhuis).....	20 6	33 4
(ii) Klas B-huise (twee-kamerskakehuis).....	20 6	33 3
(iii) Klas C-huise (drie-kamerhuis).....	26 0	49 0
(iv) Klas D-huise (vier-kamerhuis).....	30 0	55 6
(v) Klas E-huise (vyf-kamerhuis).....	45 0	45 0
(vi) Klas F-huise (seskamerhuis).....	52 0	52 0

(Vir die toepassing van hierdie tarief word die verskillende klasse huise op 'n aanlegplan van die lokasie, wat vir inspeksie doeleindes in die kantoor van die superintendent beskikbaar sal wees, aangedui.)

person shall use any communal sanitary accommodation in any manner calculated to render the accommodation unclean and unhygienic.

Reporting of Infectious Diseases.

42. In the event of any person in the location suffering from any infectious or contagious disease, the holder of the site or residential permit or grantee in respect of the dwelling in which such person resides or is found, or, in the case of his death or incapacity, the eldest adult resident in such dwelling shall forthwith report to the superintendent the name and all other facts known in respect of such person.

Entering of Premises by Medical Officer or Assistant.

43. The medical officer or his authorised assistant may at any time enter any hut or dwelling or building in the location and examine persons therein suspected of suffering from any infectious or contagious disease, or exposed to such contagion or infection, and any person who appears to the medical officer, or his authorised assistant to be suffering from any infectious disease, or to have been exposed to the contagion thereof may by order of the medical officer be removed to such place either within or beyond such location as the Council may appoint for receiving such persons and may by a like order be therein detained until such time as, in the opinion of the medical officer, he shall be free from infection.

Superintendent and Inspector have Right of Entry.

44. An officer appointed in terms of sub-section (1) or (3) or section twenty-two of the Act may at any reasonable time, taking into account the convenience of the occupiers enter a dwelling in the location for the purposes of inspection.

Reporting of Births and Deaths.

45. The holder of the site or residential permit or a grantee in respect of any dwelling in which a birth or death occurs, or in the case of his death or incapacity, the eldest adult resident in such dwelling, shall forthwith report such birth or death to the superintendent and furnish him with all the facts necessarily required for the proper keeping of the location register.

Tariff of Rents and Charges.

46. (1) Every registered occupier or any other occupant of the location or every person liable for the taking out of a permit or certificate shall pay in advance to the Council at the office of the superintendent such of the charges set out below as may be applicable, before or on the seventh day of each month, in respect of rent, water, communal sanitary, health, medical and other services rendered by the Council—

(a) by the holder at a site permit or any person required to be the holder of such permit, monthly: 14s.;

(b) by the holder of a residential permit or any person required to be the holder of such permit, monthly:—

	Payable by persons falling within the sub-economic group. s. d.	Payable by persons not falling within the sub-economic group. s. d.
(i) Class A houses (two-roomed house).....	20 6	33 4
(ii) Class B houses (two-roomed semi-detached house).....	20 6	33 3
(iii) Class C houses (three-roomed house).....	26 0	49 0
(iv) Class D houses (four-roomed house).....	30 0	55 6
(v) Class E houses (five-roomed house).....	45 0	45 0
(vi) Class F houses (six-roomed house).....	52 0	52 0

(For the purpose of this tariff different classes of houses are indicated on a lay-out plan of the location, which shall be available in the office of the superintendent for inspection purposes.);

- (c) deur die houer van 'n loseerderspermit of enigeen wat die houer van so 'n permit moet wees: 2s.
- (d) deur die houer van 'n besoekerspermit of enigeen wat die houer van so 'n permit moet wees, indien die geldigheidsduur drie dae te bowe gaan, maandeliks: 1s.
- (e) vir 'n duplikaat van 'n permit: 2s.
- (f) vir die oordrag van 'n perseel- of woonpermit of sertifikaat: 10s.
- (g) toesiggeld wat ingevolge regulasie 13 betaalbaar is: £2. 10s.

(2) Elke permithouer of enigeen wat 'n permithouer moet wees, moet, om voorsiening te maak vir onderwysdoeleindes, maandeliks, voor of op die sewende dag van elke kalendermaand, aan die Raad, by die kantoor van die superintendent, vooruitbetaal 'n bedrag van 9d.

Aksie vir huurgelde en vorderings.

47. Alle persone wat skuldig bevind word kragtens die bepalings van paragraaf (u) van regulasie 49 kan benewens enige ander straf wat opgelê word, ook deur die Hof beveel word om die bedrag wat deur hom verskuldig is te betaal binne sodanige tydperk deur die Hof bepaal, of by wanbetaling binne sodanige tydperk, kan hy gevonnis word tot gevangenisstraf met of sonder dwangarbeid vir 'n tydperk van hoogstens twee mande: Met dien verstande dat geen gevangenisstraf uitgedien die persoon van sy aanspreeklikheid vir die verskuldigde bedrag onthef of verhoed dat 'n aksie vir die invordering daarvoor ingestel kan word nie: Voorts met dien verstande dat niemand vir 'n tweede keer gevangenisstraf opgelê kan word weens versuim om dieselfde skuld te betaal nie.

Appèlle.

48. (1) Iedereen het die reg om by die Naturellekommissaris appèl aan te teken teen enige optrede of beslissing van die Raad, bestuurder, superintendent of ander beampte van die Raad, wat met die toepassing van hierdie regulasies belas is.

(2) 'n Appèl moet by die Naturellekommissaris binne sewe dae van bedoelde optrede of beslissing aangeteken word en kennis daarvan aan die Naturellekommissaris en aan die Raad, bestuurder, superintendent of ander beampte van die Raad na gelang van die geval, gegee word.

(3) Na behoorlike ondersoek, waar die Raad, bestuurder, superintendent of ander beampte van die Raad ter ondersteuning van sy optrede die reg het om verhoor te word, kan die Naturellekommissaris—

- (a) sodanige Raad, bestuurder, superintendent of ander beampte van die Raad gelas om aan die appellant fasiliteite kragtens hierdie regulasies aan te bied as dit skynbaar onredelik teruggehou is; of
- (b) sodanige ander bevel uitvaardig as wat wenslik blyk.

(4) 'n Verdere appèl teen die beslissing van die Naturellekommissaris is toelaatbaar by wyse van 'n beëdigde verklaring by die Hoofnaturellekommissaris met regsbevoegdheid, by wie die eindbeslissing berus: Met dien verstande dat sodanige appèl binne sewe dae van die datum van die beslissing van die Naturellekommissaris aangeteken word.

Misdrywe en strafbepalings.

49. Iedereen wat—

- (a) die bepalings van regulasies 10, 11, subregulasie (1), (4) of (7) van regulasie 12, subregulasie (13) van regulasie 13, subregulasie (1), (7), (10) of (11) van regulasie 20, regulasie 27, 28, 29, 30, 31, 32, 33, 34, 35, 36, 37, 38, 39, subregulasie (4) of (6) van regulasie 41, regulasie 42, 45, oortree of in gebreke bly om daaraan te voldoen;
- (b) opsetlik en sonder die magtiging van die Raad enige regulasie, bevel of kennisgewing wat aangeplak en onderhou is ingevolge die bepalings van regulasie 3 skend of daaraan peuter;
- (c) opsetlik 'n nommer wat geverf, opgeskryf of aangebring is ingevolge die bepalings van regulasie 4 skend, uitwis of vernietig;

- (c) by the holder of a lodger's permit or any person required to be the holder of such permit: 2s.;
- (d) by the holder of a visitor's permit or any person required to be the holder of such permit, if the period of availability exceeds three days, monthly: 1s.;
- (e) for a duplicate of a permit: 2s.;
- (f) for the transfer of a site or residential permit or certificate: 10s.;
- (g) supervision fees payable in terms of regulation 13: £2. 10s.

(2) To make provision for education purposes every permit holder or any person required to be a permit holder shall pay monthly in advance to the Council at the office of the superintendent before or on the seventh day of each calendar month the sum of 9d.

Action for Rents and Charges.

47. Any person convicted in terms of the provisions of paragraph (u) of regulation 49 may, in addition to any other penalty which may be imposed, be ordered by the Court to pay the amount which is found to be owing by such person within such period as the Court may specify or in default of payment within such period, to be imprisoned with or without hard labour for a period not exceeding two months: Provided that no imprisonment undergone shall have the effect of cancelling the liability or barring an action for recovery of the amount due by such person: Provided further that no person shall be punished a second time in respect of failure to pay the same debt.

Appeals.

48. (1) Every person shall have the right to appeal to the Native Commissioner against any action or decision of the Council, manager, superintendent or any other official of the Council charged with the administration of these regulations.

(2) An appeal to the Native Commissioner shall be duly lodged within seven days of the said action or decision and notice thereof given to the Native Commissioner, and the Council, manager, superintendent or other official of the Council, as the case may be.

(3) After due enquiry at which the Council, manager, superintendent, or other official of the Council shall be entitled to be heard in support of his action, the Native Commissioner may—

- (a) order such Council, manager, superintendent or other official of the Council to grant the appellant facilities in terms of these regulations if they appear to have been unreasonably withheld; or
- (b) make such other order as may be deemed desirable.

(4) A further right of appeal against the decision of the Native Commissioner by way of an affidavit shall be to the Chief Native Commissioner having jurisdiction whose decision shall be final: Provided that such appeal be noted within seven days of the date of the decision of the Native Commissioner.

Offences and Penalties.

49. Any person who—

- (a) contravenes or fails to comply with the provisions of regulation 10, 11, sub-regulation (1), (4) or (7) of regulation 12, sub-regulation (13) of regulation 13, sub-regulation (1), (7), (10) or (11) of regulation 20, regulation 27, 28, 29, 30, 31, 32, 33, 34, 35, 36, 37, 38, 39, sub-regulation (4) or (6) of regulation 41, regulation 42, 45;
- (b) wilfully and without the authority of the Council defaces or tampers with any regulation, order or notice posted and maintained as in regulation 3 provided;
- (c) wilfully defaces, obliterates or destroys any number painted, inscribed or affixed as provided for in regulation 4;

- (d) behoudens die bepalings van subregulasie (17) van regulasie 13 by die oprigting van enige woning, gebou, heining, buitegebou of ander bouwerk enige boustowwe gebruik wat nie eers deur die superintendent ingevolge die bepalings van subregulasie (2) van genoemde regulasie 13 goedgekeur is nie;
- (e) behoudens die bepalings van subregulasie (17) van regulasie 13 sonder 'n boupermit in stryd met die bepalings van subregulasie (3) van genoemde regulasie 13 'n woning, gebou, buitegebou of ander bouwerk in die lokasie oprig, verander of daaraan toevoeg, of wat wel sodanige permit verkry het, maar 'n woning, gebou, buitegebou of ander bouwerk wat nie ingevolge sodanige permit gemagtig is nie, oprig sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die superintendent ingevolge subregulasie (7) van regulasie 13.
- (f) 'n heining in die lokasie oprig in stryd met die bepalings van subregulasie (14) van regulasie 13;
- (g) die eienaar van 'n heining is wat nie aan die bepalings van subregulasie (14) van regulasie 13 voldoen nie, en nadat hy per skriftelike kennisgewing ingevolge subregulasie (15) van dié regulasie gelas is om sodanige heining binne tien dae van die ontvangs van sodanige kennisgewing te herstel, te herbou of te verwyder, sonder grondige rede in gebreke bly om aan sodanige kennisgewing te voldoen;
- (h) die eienaar is van 'n bestaande bouwerk wat onooglik of bouvallig is of waarvan die oprigting nie deur die superintendent gemagtig is nie en nadat hy ingevolge subregulasie (16) van regulasie 13 deur die superintendent gelas is om sodanige bouwerk binne tien dae te verwyder, sonder grondige rede in gebreke bly om aan sodanige lasgewing te voldoen, uitgesonderd waar sodanige bouwerk ingevolge subregulasie (17) van regulasie 13 gemagtig is;
- (i) die houer van 'n perseelpermit of 'n sertifikaathouer of 'n lid van die gesin van so 'n permit- of sertifikaathouer was en in gebreke bly om die lokasie onmiddellik te verlaat wanneer so 'n permit of sertifikaat ingevolge die bepalings van subregulasie (1) van regulasie 15 ingetrek is of in die geval van 'n permit- of sertifikaathouer, om sy permit of sertifikaat aan die superintendent te lewer;
- (j) die houer van 'n woonpermit of 'n lid van die gesin van so 'n houer was en in gebreke bly om die lokasie onmiddellik te verlaat wanneer so 'n permit ingevolge die bepalings van subregulasie (2) van regulasie 15 ingetrek is, of in die geval van so 'n houer, om sy permit aan die superintendent te lewer en om by sodanige intrekking die woning dadelik in rustige en ongestoorde besit te stel;
- (k) 'n werknemer of verteenwoordiger, in subregulasie (7) van regulasie 15 genoem, of 'n lid van sy gesin was en van hom vereis is dat hy die perseel moet verlaat binne dié tyd vermeld in die kennisgewing wat aan hom gestuur is en in die subregulasie genoem en sonder grondige rede versuim om aan so 'n kennisgewing te voldoen;
- (l) nadat hy ingevolge subregulasie (1) van regulasie 18 deur die superintendent gelas is om binne die tydperk deur hom vermeld die lokasie te verlaat en nie andersins gemagtig is om in die lokasie te bly nie, sonder grondige rede in gebreke bly, nalaat of weier om aan sodanige lasgewing te voldoen;
- (m) ingevolge subregulasie (2) van regulasie 19 gelas is om die lokasie onmiddellik te verlaat en sonder grondige rede in gebreke bly, nalaat of weier om aan sodanige lasgewing te voldoen of nadat hy daaraan voldoen het, sonder 'n besoekerspermit weer die lokasie betree of die lokasie betree in weerwil van 'n weiering deur die superintendent of 'n beampte deur die superintendent gemagtig om hom toe te laat om binne te kom;
- (d) save as in sub-regulation (17) of regulation 13 provided, incorporates in any dwelling, building, fence, outhouse or other structure any material which has not received the prior approval of the superintendent as required in sub-regulation (2) of the said regulation 13;
- (e) save as in sub-regulation (17) of regulation 13 provided erects, alters or adds to any dwelling, building, outhouse, or other structure in the location without a building permit in contravention of the provisions of sub-regulation (3) of the said regulation 13, or having obtain such permit, erects any dwelling, building, outhouse or other structure not authorised by such permit, without obtaining the written permission of the superintendent as required by sub-regulation (7) of regulation 13;
- (f) erects any fence in the location contrary to the provisions of sub-regulation (14) of regulation 13;
- (g) being the owner of any fence which does not comply with the provisions of sub-regulation (14) of regulation 13, and having received written notice in terms of sub-regulation (15) of that regulation to repair, rebuild or remove such fence within ten days of receipt of such notice, fails without reasonable cause to comply with such notice;
- (h) being the owner of any existing structure which is unsightly or dilapidated or the erection of which has not been authorised by the superintendent and having been ordered by the superintendent in terms of sub-regulation (16) of regulation 13 to remove such structure within ten days, fails without reasonable cause to comply with such order, save where such structure is authorised under sub-regulation (17) of regulation 13;
- (i) having been the holder of a site permit or a grantee or a member of the family of such holder or grantee, fails on cancellation of such permit or certificate in terms of the provisions of sub-regulation (1) of regulation 15 to leave the location immediately or in the case of a holder or grantee to deliver his permit or certificate to the superintendent;
- (j) having been the holder of a residential permit or a member of the family of such holder, fails on cancellation of such permit in terms of the provisions of sub-regulation (2) of regulation 15 to leave the location immediately or in the case of such holder, to deliver his permit to the superintendent and to give immediate quiet possession of the dwelling on such cancellation;
- (k) having been an employee or representative referred to in sub-regulation (7) of regulation 15 or a member of his family, and having been required to quit occupation within the time stipulated in the notice served on him and referred to in that sub-regulation, fails without good cause to comply with such notice;
- (l) having been ordered by the superintendent in terms of sub-regulation (1) of regulation 18 to remove from the location within the period stipulated by him and not being otherwise authorised to remain in the location, fails, neglects, or refuses without reasonable cause to comply with such order;
- (m) having been ordered in terms of sub-regulation (2) of regulation 19, to leave the location immediately, fails, neglects or refuses without reasonable cause to obey such order or having complied therewith, re-enters the location without a visitor's permit or enters the location in defiance of a refusal by the superintendent or any official authorised by the superintendent to permit him to enter;

- (n) nadat die superintendent of sy assistente hom ingevolge regulasie 25 versoek het om sy volle naam en adres of bewys van sy reg om in die lokasie te wees te verstrek of om sodanige inligting te verstrek as wat die superintendent of sy assistente vereis, sonder grondige rede nalaat of weier om sy volle naam en adres of bewys van sy reg om in die lokasie te wees te verstrek of inligting te verstrek wat vals, onjuis of misleidend is en weet dat dit vals, onjuis of misleidend is;
- (o) 'n openbare vergadering of byeenkoms ten opsigte waarvan die skriftelike toestemming van die superintendent nie verkry is nie soos bepaal is in sub-regulasie (1) van regulasie 26, in die lokasie belê, hou of toespreek;
- (p) nadat hy 'n openbare vergadering of vermaaklikheid in die lokasie belê het, toelaat dat sodanige vergadering of vermaaklikheid later as 11 nm. voortgesit word sonder die goedkeuring van die superintendent of later as die verlengde tyd wat deur die superintendent goedgekeur is kragtens subregulasie (2) van regulasie 26;
- (q) 'n vergadering of byeenkoms wat kragtens sub-regulasie (4) van regulasie 26 verbied is, hou, toespreek of bywoon;
- (r) wat sonder dat die skriftelike goedkeuring van die superintendent vooraf verkry is, van persone wat by 'n openbare vergadering of byeenkoms in die lokasie aanwesig is, geld, behalwe vir *bona fide*-kerkdoeleindes kollekteer, strydig met die bepalings van subregulasie (3) van regulasie 26;
- (s) op versoek weier om enige van die amptenare vermeld in regulasie 43 of 44 toe te laat om 'n hut, woning of gebou binne te gaan of enige perseel te betree by die wettige uitvoering van sy pligte;
- (t) ingevolge die bepalings van regulasie 43 gelas is om verwyder te word na 'n plek vir die ontvangs van persone wat werklik of vermoedelik aan aansteeklike of besmetlike siektes ly en sonder redelike oorsaak weier om aldus verwyder of aangehou te word;
- (u) in gebreke bly, nalaat of weier om enige bedrag te betaal wat hy ingevolge regulasie 46 moet betaal, binne een maand van die datum waarop sodanige bedrag verskuldig en betaalbaar geword het; is skuldig aan 'n misdryf en strafbaar met die strawwe voorgeskryf in artikel vier-en-veertig van die Wet.

HOOFSTUK 3.

HANDELSREGULASIES. *Woordomskrywing.*

1. In hierdie Hoofstuk, tensy strydig met die sinsverband, beteken—

„handelaar”, 'n Naturel wat 'n wettige handel of besigheid in die lokasie met die goedkeuring van die Raad dryf.

Handelspersele.

2. Die Raad kan persele in die lokasie afsonder vir toekenning aan Naturelle om handel of besigheid daarop te dryf: Met dien verstande dat die Raad die reg het om skriftelike toestemming aan enige Naturel te verleen wat op die datum waarop hierdie regulasie in werking tree, enige wettige handel of besigheid op enige perseel in die lokasie dryf, om, onderworpe aan die bepalings van hierdie regulasies, voort te gaan met die handel of besigheid op die perseel en om die produkte van sodanige handel of besigheid daarvandaan van die hand te sit. Vir toepassing van regulasie 25 word beskou dat so 'n perseel ooreenkomstig subregulasie (2) van regulasie 3 op die datum van die inwerkingtreding van hierdie regulasies toegeken is.

Magtiging om te begin om handel te dryf.

3. (1) Niemand mag enige handel of besigheid in die lokasie dryf tensy 'n perseel vir dié doel deur die Raad aan hom toegeken is nie en niemand mag enige handel of besigheid in die lokasie op enige ander perseel dryf,

- (n) on being requested by the superintendent or his assistants in terms of regulation 25 to furnish his full name and address or proof of his right to be in the location or to give such information as may be required by the superintendent or his assistants, neglects or refuses without reasonable cause to furnish his full name and address or proof of his right to be in the location or furnished information which is false, incorrect or misleading knowing the same to be false, incorrect or misleading;
- (o) convenes, holds or addresses a public meeting or assembly, in respect of which the written permission of the superintendent has not been obtained as provided for in sub-regulation (1) of regulation 26;
- (p) having convened a public meeting or entertainment in the location, allows such public meeting or entertainment to continue later than 11 p.m. without the approval of the superintendent or later than any extended time to which permission has been granted by the superintendent in terms of sub-regulation (2) of regulation 26;
- (q) holds, addresses or attends a meeting or an assembly which has been prohibited as in sub-regulation (4) of regulation 26 provided;
- (r) without the prior written approval of the superintendent, collects any money for other than bona fide church purposes, contrary to the provisions of sub-regulation (3) of regulation 26, from the persons present, at any public meeting or assembly in the location;
- (s) refuses on request to permit any of the officials mentioned in regulation 43 or 44 to enter any hut, dwelling or building or to enter upon any premises in the lawful execution of his duties;
- (t) having been ordered in terms of regulation 43 to be removed to a place for the receiving of persons suffering from or suspected of suffering from any infectious or contagious disease, refuses without reasonable cause to be so removed or to be so detained;
- (u) fails, neglects or refuses to pay any sum for which he is liable in terms of regulation 46, within one month of the date on which such sum became due and payable;

shall be guilty of an offence and liable to the penalties prescribed in section forty-four of the Act.

CHAPTER 3.

TRADING REGULATIONS.

Definitions.

1. In this Chapter, unless inconsistent with the context, “trader” means any Native who is carrying on any lawful trade or business in the location with the approval of the Council.

Trading Regulations.

2. The Council may set aside sites in the location for allotment to Natives for trading or business purposes: Provided that it shall be lawful for the Council to grant written permission to any Native who, at the date of the coming into operation of these regulations, is carrying on any lawful trade or business on any site in the location, to continue to carry on, subject to the provisions of these regulations, such trade or business on such site and to dispose of the products of such trade or business therefrom. For the purpose of regulation 25 such site shall be deemed to have been allotted in terms of sub-regulation (2) of regulation 3 as from the date of commencement of these regulations.

Authority to Commence Trading.

3. (1) No person shall carry on any trade or business in the location unless a site has been allotted to him for that purpose by the Council, and no person shall carry on any trade or business in the location on any site other than one set aside and allotted by the Council in terms

as die wat ooreenkomstig regulasie 2 deur die Raad afgesonder en toegeken is nie: Met dien verstande dat geen bepaling hiervan enige persoon vrystel van die verkryging van 'n lisensie of ander magtiging wat by enige ander wet vereis word voordat met sodanige handel of besigheid 'n aanvang gemaak mag word nie.

(2) Enige manlike Naturel bo die ouderdom van 21 jaar wat wettiglik woonagtig in die lokasie is en van wie dit nie verlang word om 'n vergunning ingevolge artikel twaalf van die Wet te verkry nie, wat enige handel of besigheid in die lokasie wil dryf, moet 'n skriftelike aansoek waarin die aard van die handel of besigheid vermeld word, by die Raad indien, en laasgenoemde kan volgens goeddunke en onderworpe aan die bepalings van hierdie Hoofstuk aan die applikant 'n perseel, ooreenkomstig regulasie 2 afgesonder, toeken waarop hy sy handel of besigheid kan drywe.

Beskikbare terreine moet geadverteer word.

4. (1) Indien enige handels- of besigheidsterrein te eniger tyd vir toekenning beskikbaar is, moet die superintendent 'n kennisgewing publiseer wat aansoeke om toekenning van die terrein vra, wat skriftelik by sy kantoor ingelewer moet word voor of op 'n dag wat in die kennisgewing vermeld moet word en minstens 14 dae na die datum van die publikasie van die kennisgewing moet val. Die kennisgewing moet in Afrikaans en Engels gepubliseer word en moet duidelik vermeld watter inligting deur die applikant verstrek moet word.

(2) Na verloop van die tydperk waarin aansoeke ingedien kan word, moet die superintendent al die aansoeke wat ontvang is, deurstuur na die Raad wat kan besluit aan watter applikant die perseel ooreenkomstig regulasie 3 toegeken moet word: Met dien verstande dat die Raad nie verplig is om enige applikant uit te kies nie en kan beveel dat 'n verdere kennisgewing wat om nuwe aansoeke vra, ooreenkomstig die bepalings hiervan gepubliseer word.

Slegs Naturellehandelaars en -assistente word toegelaat.

5. Geen perseel in die lokasie word vir handels- of besigheidsdoeleindes aan 'n persoon wat nie 'n Naturel is nie, toegeken nie en 'n handelaar mag ook nie op 'n aldus toegekende perseel enige nie-Naturel in diens neem nie.

Verkoop van vars of afgeroomde melk.

6. Geen bepalings van hierdie regulasies verbied of beperk die verkoop en aflewering van vars of afgeroomde melk in die lokasie nie.

Besigheidsure.

7. Die besigheidsure in die lokasie moet dieselfde wees as dié wat voorgeskryf is ooreenkomstig of kragtens die Wet wat in die provinsie van krag is ten opsigte van winkelure.

Veranderings aan geboue en toebehore.

8. 'n Handelaar mag nie sonder die skriftelike vergunning van die Raad enige bouveranderings aan geboue of toebehore op die perseel wat hy okkupeer, aanbring of enige addisionele toebehore daarop aanbring nie.

Wanneer geboue deur handelaar opgerig moet word.

9. (1) Behalwe as die Raad die nodige geboue opgerig het, moet elke suksesvolle applikant om 'n perseel vir handels- of besigheidsdoeleindes op die handels- of besigheidsperseel die geboue of ander struktuur, wat vir sy handel of besigheid nodig is, oprig, maar 'n gebou of struktuur kan alleen deur hom op die perseel opgerig word in ooreenstemming met planne en spesifikasies wat deur die Raad goedgekeur is.

(2) Enige geboue wat op die perseel vermeld in subregulasie (1) opgerig is maar nie in ooreenstemming met planne en spesifikasies deur die Raad goedgekeur nie, kan deur die Raad op koste van die handelaar afgebreek word of op geskikte wyse verander word.

(3) Die handelaar moet alle geboue deur hom opgerig of van 'n ander handelaar gekoop, in 'n goeie toestand hou en skoonhou.

Instandhouding van Raad se geboue.

10. Die Raad is verantwoordelik vir die instandhouding van die buitekant van enige gebou wat hy besit, en die handelaar wat dit okkupeer moet die binnekant in 'n goeie toestand hou en dit skoonhou.

of regulation 2: Provided that nothing contained herein shall absolve any person from obtaining any licence or other authority which is required by any other law as a condition precedent to the commencement of any such trade or business.

(2) Any male Native over the age of 21 years lawfully resident in the location and not required to obtain any permission under section twelve of the Act who desires to carry on any trade or business within the location shall make written application wherein the nature of such trade or business shall be disclosed, to the Council, which may in its discretion, subject to the provisions of this Chapter, allot to the applicant a site set aside in terms of regulation 2, on which he may carry on his trade or business.

Available Sites to be Advertised.

4. (1) Should any trading or business site in the location at any time be available for allotment, the superintendent shall publish the notice inviting applications for the allotment of the site, to be lodged in writing at his office not later than a day to be specified in the notice, being not less than 14 days from the date of publication of the notice. Such notice shall be published in Afrikaans and English and shall clearly state what information must be supplied by an applicant.

(2) Upon the expiry of the period within which applications may be lodged, the superintendent shall transmit all applications received to the Council, which may decide to which applicant the site shall be allotted in terms of regulation 3: Provided that the Council shall not be bound to select any applicant and may direct that a further notice in terms hereof be published calling for fresh applications.

Only Native Traders and Assistants Permitted.

5. No site in the location shall be allotted for trading or business purposes to a person who is not a Native; nor shall any trader employ on any site so let any non-Native.

Sale of Fresh or Skimmed Milk.

6. Nothing in these regulations contained shall prohibit or restrict the sale and delivery of fresh or skimmed milk in the location.

Business Hours.

7. The business hours in the location shall be the same as those prescribed in terms of or under the law in force in the province in respect of shop hours.

Alterations to Buildings and Fittings.

8. No trader shall make any structural alterations to any buildings or fittings on the site occupied by him or place any additional fittings thereon without the written permission of the Council.

When Buildings to be Erected by Trader.

9. (1) Except where the Council has erected the necessary buildings, any successful applicant for a site for trading or business purposes shall erect upon the trading or business site the buildings or other structure necessary for his trade or business, but no building or structure shall be erected by him on such site otherwise than in accordance with plans and specifications approved by the Council.

(2) Any buildings erected on the site mentioned in subregulation (1) otherwise than in accordance with plans and specifications approved by the Council may be demolished or suitably altered by the Council at the expense of the trader.

(3) The trader shall keep all buildings erected by him or purchased from another trader in a good state or repair and cleanliness.

Maintenance of Council's Buildings.

10. The Council shall be responsible for maintaining the outside of any building owned by it, and the trader occupying it shall maintain the interior of the building in a good state of repair and cleanliness.

Skade aan Raad se geboue en handelaar se goedere.

